

## Hoofstuk 2

# 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERANTWOORDING VAN NARRATIEWE NAVORSING OOR DIE SELF

## 1. DIE POSTMODERNE WÊRELD

Die wêreld waarbinne pastorale terapie bedryf word en waarbinne hierdie besinning oor die pastoraal terapeutiese self plaasvind, moet eerstens verder beskryf word. Die tyd en die kultuur waarbinne ons teologie beoefen, het altyd en behoort ook altyd 'n belangrike invloed uit te oefen op die teologie. Die kultuur van 'n bepaalde samelewing is die meganisme waardeur die mense van daardie samelewing hulleself en hulle werklikheid verstaan en hanteer. Die kultuur van 'n samelewing dra ook die verwagtings oor hoe 'n lewe in daardie samelewing daar behoort uit te sien en dit reël die verhoudings tussen mense en tussen mense en die wêreld (Rossouw, 1995:75). Teologie is dan 'n tweede orde aktiwiteit waardeur mense hulle geloof in verband bring met die patrone van betekenis wat in 'n bepaalde kultuur of in 'n bepaalde tydvak bestaan. Teologie dink na oor en formuleer die betekenis van God se openbaring in en vir 'n bepaalde kultuur. Wanneer daar veranderinge in die kultuur plaasvind, het dit onvermydelik 'n invloed op die teologie, omdat relevante teologie altyd kultuur-spesifiek is. *"We may want to make Christian theology reveal that it is Christian, but this cannot be done in abstract and timeless terms, or for the mere desire of self-assertion. It has a definable and circumscribed place amongst modern problems"* (Moltmann, 1974:7). Teologie wat poog om tydloos te wees of wat as 'n geslote sisteem van denke bedryf word, loop die risiko om irrelevant te wees. Verder moet ons onthou dat teologieë wat as onaantasbaar in hulle tydlose geldigheid voorgedhou word, ook hulle beslag gekry het binne 'n bepaalde tydvak en kultuur met sy spesifieke vraagstukke en uitdagings wat op daardie tydstip relevant was (Rossouw, 1995:76).

Die kulturele skuif wat in die tweede helfte van die twintigste eeu begin het, verg nuwe teologiese refleksie. 'n Nuwe self- en wêreldverstaan is besig om vorm te kry, en die teologiese refleksie daarvoor is nodig sodat die teologie van die tyd relevant kan wees vir die tyd (Du Toit, 2000:11).

•

Dit is nodig om te weet hoe lyk die werklikheid waarbinne ons werk omdat dit vir ons sê in watter wêreld leef die mense met wie ons werk, en ook wat is die kultuur waarbinne die pastorale terapeut hom/haarself bevind. In 'n artikel oor die uitdagings wat postmodernisme aan die teologie rig, wys Rossouw (1995:80; 81; 82) telkens daarop dat die teologie en die kerk hom deeglik moet vergewis van hoe die werklikheid lyk waarbinne ons leef om die vraagstukke van die tyd sinvol te kan aanspreek.

Verder is besinning oor die kultuur waarbinne teologie beoefen word, 'n noodsaaklike stuk kritiese refleksie. Die kultuur dra die stempel van die gees van 'n bepaalde tyd en plek en hierdie tydsgees is iets wat mens vorm sonder dat jy noodwendig daarvan bewus is. Refleksie oor die tydsgees is noodsaaklik om jouself te definieer. Die tydsgees verwoord die algemeen gangbare standpunte of die "*common sense*" van die samelewing en dit het 'n invloed op die kerk en teologie en word dikwels sonder meer oorgeneem as mens nie daarvoor nadink en jouself ten opsigte daarvan definieer nie.

As ons sê dat die kerk en pastorale terapeute binne 'n postmoderne werklikheid leef en werk, beteken dit nie dat ons hierdie tydsgees sonder meer en kritiekloos oorneem nie. Teologie as 'n kritiese korrelasie tussen die Christelike tradisie en die kontemporêre konteks beteken dat daar ook krities gereflekteer word op dit wat in die kultuur en konteks aan die gebeur is. Die doel van refleksie in hierdie verband is dan om dit wat vanselfsprekend geld en dit wat ongesiens gebeur, na vore te bring en krities daarvoor na te dink. Aan die ander kant is dit noodsaaklik vir die relevansie van die kerk se bediening dat dit in staat sal wees om die taalwerklikheid van die wêreld te verstaan en dieselfde taal te praat as die mense om ons.

**'n Postmoderne benadering tot pastoraal teologiese navorsing** beteken dus vir my die volgende :

- Om deeglik kennis te neem van die kritiek op die modernisme soos dit verwoord word deur postmoderne denkers. Postmoderne refleksie help ons om kritiese afstand te kry van die vanselfsprekendhede van modernisme. Hierdie kritiek en nuwe posisionering is belangrik vir die kenteoretiese en metodologiese uitgangspunte wat in hierdie navorsing gevolg sal word. In hierdie oorsig oor postmoderniteit is dit uiteraard nie moontlik om te kyk na postmoderniteit in al die fasette daarvan nie, maar sal hoofsaaklik aandag gegee word aan die verskuiwings wat plaasvind ten opsigte van kenteorie en wetenskap en die invloed wat dit op die

teologie het. 'n Narratiewe beskouing van die self word ook gestel teenoor 'n modernistiese siening van die self. Hieroor meer in hoofstuk 3.

- Kennis van die postmoderne is ook belangrik om in staat te wees om die taalwêreld te verstaan waarbinne mense lewe. Dit is eerstens belangrik vir nadenke oor die pastoraal terapeutiese self. Pastorale terapeute werk en leef nie in 'n geïsoleerde werklikheid nie, maar in 'n postmoderne samelewing. Verder, om begrip te kan hê vir hoe gespreksgenote hulleself verstaan, moet die pastorale terapeut hulle taalwerklikheid verstaan.
- Vir hierdie navorsing is dit ook nodig om myself in die postmoderne akademiese diskoers te posisioneer. Navorsing is deel van 'n bepaalde diskoers en narratiewe navorsing, soos narratiewe terapie, vind plaas teen die agtergrond van besinning oor wetenskap in 'n postmoderne samelewing.
- Terwyl ons aandag gee aan postmoderniteit, is dit ook belangrik om die vraag te vra wat dit beteken om getrou te wees aan die Christelike identiteit. Om baie goed aandag te gee aan die postmoderne wêreld beteken nie dat die postmoderne taalwêreld sonder meer as normatief oorgeneem word. Die omgang met die postmoderne denkwêreld moet 'n kritiese omgang wees, soos trouens enige teologiese omgang met die wêreldbeeld van watter tyd of kultuur ook al.

As ons praat oor postmodernisme moet mens dit van die begin af duidelik stel dat dit 'n baie breë term is wat in verskillende kontekste op verskillende maniere gebruik word.

Alhoewel daar onder teoretici hoegenaamd nie konsensus bestaan oor die betekenis en reikwydte, of selfs die geldigheid van die begrip 'postmodernisme' nie, is dit uit die groot aantal publikasies wat dit as onderwerp het, duidelik dat dit 'n interpretatiewe strategie geword het wat feitlik elke aspek van die moderne samelewing raak (Scheepers, 1998:19).

Mens sou byvoorbeeld kon onderskei tussen postmoderne argitektuur, letterkunde, kuns, geskiedenis, wetenskapsbeoefening, filosofie, teologie en so meer. Oor al hierdie onderwerpe word daar tans nagedink en baie geskryf. Postmodernisme vind neerslag in die politiek, in styl en ontwerp, in die manier waarop mense oor hulleself, die geskiedenis en kultuur dink, en ook in die wyse waarop wetenskaplikes oor hulle vakgebiede dink. In elk van hierdie vakgebiede en lewensterreine word op 'n ander manier oor postmodernisme geskryf en gepraat, wat dit onmoontlik maak om 'n definisie van postmodernisme te gee of

te beskryf hoe dit lyk. Vir hierdie studie is dan veral die neerslag van postmoderniteit in die beskouing van die self en in wetenskapsbeoefening van belang.

Omdat postmodernisme so 'n komplekse term en kompleks van idees is, gebruik talle teoretici 'n kontrastering met modernisme om postmodernisme te omlin (Vergelyk Klages, 1997; Harvey, 1990; Cahoon, 1995; Rossouw, 1995, Lötter, 1995). Vervolgens dus enkele opmerking oor die verhouding tussen modernisme en postmodernisme.

## **1.1 MODERNISME EN POSTMODERNISME**

Harvey (1990:39) vertel 'n storie oor die simboliese einde van modernisme en die oorgang na postmoderniteit. Die postmoderne era begin om 15:32 op 15 Julie 1972. Op daardie moment is die Pruitt-Igoe behuisingsontwikkeling in St. Louis platgeskiet omdat dit nie langer as bewoonbaar beskou is vir die lae inkomstegroep waarvoor dit gebou is nie. Die ironie van hierdie gebeure is dat hierdie projek vroeër 'n prys vir moderne ontwerp gewen het. Dit is geskoei op die beroemde argitek Le Corbusier se idee van behuising as 'n "*machine for modern living*". Na hierdie inploffing van die Pruitt-Igoe ontwikkeling moes die idees van modernistiese argitekture al meer swig voor nuwe, meer menslike argitektoniese ontwerpe.

Hierdie verhaaltjie vat iets belangriks vas van wat in die postmoderne era gebeur, naamlik dat dit sigself opstel teenoor die donker kant van die modernisme (Lötter, 1995:37). Aan die ander kant is die postmoderne lewensgevoel ook nie iets geheel anders as die modernisme nie, dit bou op modernisme en sit in baie opsigte die moderne era voort. Postmodernisme is nie anti-modernisties nie. Die postmoderne wêreld kan nie los van modernisme verstaan word nie, dit is sowel 'n voortsetting van, as 'n reaksie téén die modernisme.

Vervolgens 'n paar kenmerke van postmoderniteit in teenstelling met die beskouings van modernisme:

### **1.1.1 Diskreditering van meta-narratiewe**

Lyotard (1984) is van mening dat modernisme gekenmerk word deur meta-narratiewe wat binne 'n kultuur funksioneer om sy eie uitgangspunte en praktyke te verklaar en te begrond. Ander teoretici soos McHale (1992) gebruik die term meesternarratiewe of groot narratiewe (*grand narratives*). Hierdie meta-narratiewe dien as samebindende stories en ordeningsbeginsels wat agter die voorhande werklikheid funksioneer en dit legitimeer (Klages, 1997). Tegelyk dien dit egter ook om teenstellings en diskrepancies in die

werklikheid te verberg en te diskrediteer as chaoties en verkeerd. In moderniteit is orde en redelikheid fundamentele waardes en die meta-narratiewe van modernisme dien om hierdie orde te skep en in stand te hou. Wat kragtens die meta-narratiewe buite orde val, is illegitiem. Belangrike meta-narratiewe van die modernisme is die wêreldbeskouings wat opgesluit lê in byvoorbeeld die Christendom, rasionalisme, kapitalisme, Marxisme, evolusionisme en Freudianisme. (Goodliff, 1998:46).

Waarskynlik die eerste kenmerk van postmodernisme is 'n "*diepgesetelde wantroue in alle tradisioneel-ordenende prinsipes soos die godsdiens, politiek, wetenskap en kuns, en 'n radikale ontologiese en epistemologiese twyfel*" (Scheepers, 1998:22). Postmodernisme lewer kritiek op die meta-narratiewe, maar maak tegelyk tog ook van hierdie groot narratiewe en ordenende prinsipes gebruik. Die neiging om krities te staan teenoor die groot narratiewe in 'n samelewing en dit te ondermyn is in wese ideologiekritiek: 'n reaksie teen die heersende ideologieë se neiging om homogene waardes en lewensbeskouings af te dwing. Daarom is daar in die postmoderne kritiek op die modernisme gewoonlik 'n hoë waardering van alternatiewe denke en gesigspunte (Scheepers, 1998:23-24). Deel van die wantroue teenoor die meta-narratiewe van die modernisme is die bewustheid dat die meta-narratiewe sisteme van insluiting en uitsluiting verteenwoordig. Wat nie voldoen aan die eise van die meta-narratiewe nie, word uitgeskuif as minderwaardige kennis of problematiese toestande en sienings. Postmodernisme gee voorkeur aan mini-narratiewe wat langs mekaar kan bestaan sonder dat die een imperialisties heers oor die ander.

Postmodernism, in rejecting grand narratives, favors 'mini-narratives,' stories that explain small practices, local events, rather than large-scale universal or global concepts. Postmodern 'mini-narratives' are always situational, provisional, contingent and temporary, making no claim to universality, truth, reason, or stability (Klages, 1997).

Groot en klein narratiewe funksioneer op 'n besondere manier in die Christelike geloofstradisie. Vir Brueggemann (1993:39) is dit van besondere belang dat die geloofsgemeenskap een is wat onthou, en dan veral die Bybelse verhale van God en die mense. Die groot narratiewe van die Bybelse verhale wat onthou en oorvertel word, is 'n primêre identiteitsgewer in die Christelike tradisie. Hierdie verhale hoef egter nie as 'n koherente geheel vertel te word om effek in die hede van die kerk te hê nie. Die Bybelse verhale in die hede is eerder juis kontingente mini-narratiewe waarin kontekstuele verhale oor God en mense vertel word, sonder dat dit voorgee om universeel geldig te wees.

### 1.1.2 Pluraliteit teenoor die essensiële

Ten nouste samehangend met die agterdog teenoor en kritiek op die meta-narratiewe van die modernisme, is 'n aanvaarding en selfs omhelsing van die pluraliteit van die samelewing. "*n Postmodernis se houding , (...), is om nie te probeer om die wanorde en chaos van die lewe te orden nie, hy aanvaar dit eenvoudig*" (Scheepers, 1998:25). Ons leef in 'n werklikheid waarin daar uiteenlopende standpunte, teorieë en beskouings langs mekaar bestaan. Hierdie pluraliteit vind ook neerslag in die siening van waarheid en kennis. Goodliff (1998:54) praat van die postmoderne samelewing as 'n nuwe Babel waarin 'n magdom van subkulture langs mekaar bestaan. In modernistiese liberalisme was daar ruimte vir 'n pluraliteit van *private* wêrelde en sienswyses, maar met die veronderstelling dat dit nie in kompetisie tree met die oorkoepelende meta-narratiewe wat die samelewing orden nie. In 'n postmoderne samelewing word alle beskouings en werklikhede as privaat en ewe belangrik beskou:

The sideshow culture gives equal weight to the frivolous, the banal, and the grandiose, on the assumption that they all have something important to tell us about the real, pluralist, cosmopolitan environment we now live in. (...) The sheer differences expressed in postmodern culture are celebrated rather than questioned, as society collapses into a kind of tribalism where we live in cities of increasingly isolated social groups or tribes ... (Goodliff, 1998:55).

Die skuif wat plaasvind weg van die soeke na essensiële waarheid na die aanvaarding van die werklikheid as pluralisties, het 'n groot invloed op die postmoderne siening van die self (Gerkin, 1997:101). Hierdie skuif vind neerslag in die vloeibaarheid van waardes, 'n gefragmenteerde ideologie en historiese ontworteling (Nouwen, 1979:8-11). In hoofstuk 3 word uitvoerig aan hierdie skuif aandag gegee.

Die klem op die pluraliteit van die samelewing het ook 'n beduidende invloed op die wyse waarop waarheid in 'n postmoderne kultuur gesien word. Brueggemann (1993:6) met verwysing na Toulmin (1990:186-92) dui vier aspekte aan waarin *waarheid en kennis* in 'n postmoderne samelewing anders begin lyk as in 'n modernistiese siening van wat as die waarheid geld:

1. 'n Skuif weg daarvan dat net geskrewe tekste as die waarheid gereken word na 'n samelewing waarin mondelinge tekste ook 'n plek het.

2. 'n Skuif weg daarvan dat slegs uitsprake met 'n universele aanspraak waarheidsgehalte het, na erkenning van die besondere en spesifieke.
3. 'n Skuif weg van die algemene na plaaslike insigte en kennis.
4. Die belang en waarheidsgehalte van tydgebonde uitsprake word erken, nie slegs tydlose uitsprake nie.

Hieruit tipeer Brueggemann (1993:8-9) die nuwe intellektuele situasie soos volg:

- Ons kennis word gesien as inherent kontekstueel. Teenoor Descartes wat geglo het dat die konteks nie 'n invloed op die subjek het nie, is die insig in die postmoderne tyd: " ... *that the knower helps to constitute what is known, that the socioeconomic-political reality of the knower is decisive for knowledge*" (Brueggemann:1993:9).
- Kontekste is plaaslik, en hoe meer mens veralgemeen, hoe minder kan jy konteks in ag neem. As ons begin insien hoe plaaslik kennis in werklikheid is, word ons minder ambisieus om algemene waarhede te probeer kwytraak. Wat dikwels as algemeen waar geld, is maar net die plaaslike waarheid van diegene wat 'n dominante posisie in die samelewing inneem en daarom met 'n harder stem kan praat.
- Kennis is daarom inherent pluralisties, daar is 'n magdom stemme wat gehoor word, en elke stem het waarheidsgehalte vir diegene wat hulleself aan 'n bepaalde diskoers bind.

Teologie, prediking, pastorale sorg is daarom kontekstueel, plaaslik en pluralisties. "*We voice a claim that rings true in our context, that applies authoritatively to our lived life. But it is a claim that is made in a pluralism where it has no formal privilege*" (Brueggemann, 1993:9).

Hierdie aanvaarding van die pluraliteit van die samelewing het 'n invloed op die manier waarop teologie sy eie taak en waarheidsaansprake verstaan, en in die pastoraat veral ten opsigte van die etiek. Hieroor word in groter detail gehandel in hoofstukke 4 en 5.

### **1.1.3 Die objektief denkende subjek maak plek vir iets veel meer kompleks**

Brueggemann (1993:4) dui aan hoedat modernisme sy beslag kry in die tydperk wanneer die sekerhede en orde van die Middeleeue tot 'n einde kom en daar gesoek word na nuwe

ordeningsbeginsels vir die werklikheid. Die filosofie van Renè Descartes het 'n deurslaggewende rol gespeel om aan die modernisme sy spesifieke karakter te gee. Descartes vind, in hierdie tyd van angstigheid oor die verlies van die voorhande sekerhede, sekerheid in die individuele subjek wat die werklikheid op objektiewe wyse kan ken. Descartes se tese "ek dink, daarom is ek" (*cogito ergo sum*) poneer die redelike, denkende individu as bron van sekerheid. Hiermee begin 'n proses van *reductio ad hominem* (reduksie na die mens) wat die tydperk van die Verligting kenmerk. In hierdie tyd word die outonomie van die denkende subjek al meer 'n vanselfsprekende gegewe.

In die postmoderne wêreld word die mens as kennende subjek heel anders gesien.

- Sosiale konstruksionisme neem die plek van objektivisme. Kennis word nie geproduseer deur 'n outonome navorser wat sy/haar vermoë tot objektiwiteit gebruik om wetenskap te produseer wat voldoen aan die kriteria van algemene geldigheid nie. Wetenskaplike kennis is eerder die produk van samewerking tussen verskillende persone wat saam 'n taalwerklikheid konstrueer. Sogenaamde objektiewe kennis se geldigheid hang in elk geval meer daarvan af dat dit funksioneer in 'n taalwerklikheid wat sosiaal gedeel word, as van die objektiwiteit daarvan.
- Die kennende mens / navorser is van 'n wetenskaplike paradigma afhanklik en beoefen wetenskap binne die parameters van die bepaalde paradigma. Thomas Kuhn, in sy klassieke werk, *The structure of scientific revolutions* (1970) toon aan dat 'n wetenskap altyd binne 'n bepaalde paradigma beoefen word en dat hierdie paradigmas mekaar opvolg deurdat hulle mekaar deur breuke of spronge vervang, en nie deur logiese progressie in die waarheidsgehalte van wetenskaplike paradigmas nie.

... Kuhn has argued that science does not proceed simply by the careful accumulation of data that lead to new insight. Rather, scientific data are organized around models or paradigms that have a capacity to gather to themselves and accommodate an enormous amount of data. Change in our discernment happens when through a daring political act, a new paradigm is articulated, it receives influential support in the scientific community, the data are dramatically transported by its practitioners from one paradigm to

another, and a new "scheme" (theory) of knowledge becomes authoritative (Brueggemann, 1993:7).

Kuhn se insigte dekonstrueer die idee van wetenskaplike kennis as self-evident en noodwendig logies samehangend. Die paradigma waarbinne wetenskap beoefen word, verleen die waarheidsgehalte daaraan. Wetenskaplike kennis is ook nie tydloos of konteksloos nie, dit word geproduseer deur mense wat in 'n bepaalde tyd binne 'n bepaalde model werk. Goodliff (1998:56) beskryf die gemeenskappe waarbinne wetenskap beoefen word as "...'*communities of faith*' almost as resistant to new ideas as any fundamentalist sect, operating within frameworks of belief ...". Alle wetenskapsbeoefening gaan uit van bepaalde aannames wat nie logies of dwingend is nie, maar wat as geloofsaannames beskryf kan word.

- Die subjek is produk van die diskoers(e) waarvan hy of sy deel is, maar die subjek gee ook vorm aan die diskoers (kyk die deel oor Foucault se nadenke oor die subjek en die diskoers hieronder in 3.1.3). Die subjek is nie outonoom ten opsigte van die werklikheid nie.
- Die werk van veral Nietzsche en Freud bring na vore dat die mens veel meer is as 'n rasionele wese. Die emosies, wil en irrasionele kant van die mens het dikwels net so groot invloed op die mense se besluite en gedrag.

Part of postmodern culture is a growing consensus that human behaviour is not exclusively motivated by independent rational thinking. The role that socialization, culture, ideology, beliefs, power, emotions, dispositions etc. play in the behaviour of people, is acknowledged and accounted for in different practices (Rossouw, 1995:83).

As gesê kan word dat die tyd van modernisme gekenmerk word deur 'n reduksie *na* die mens as denkende subjek, vind in die postmoderne kultuur 'n reduksie *van* die mens as outonome denkende subjek plaas (*reductio hominis*). Wie die mens is, wat hy/sy weet en hoe hy/sy die wêreld hanteer, word deur veel meer bepaal as deur die menslike rede.

#### **1.1.4 'n Breër rasionaliteit teenoor die eng rasionalisme van die modernisme**

Brueggemann (1993:53) meen dat modernisme met sy vrees vir bygeloof en die bonatuurlike daartoe lei dat bepaalde woorde en idees verbode raak. In modernisme is min plek vir enige iets wat nie rasioneel verklaarbaar en bewysbaar is nie. Dit is deel van die taak van postmoderne teologie om hierdie vergete en verborge idees weer na vore te bring. Dit moet die donker kant van modernisme, met die reduksies wat daarmee saamgaan, in die oë kyk en dit aanspreek. Deel van die donker kant van modernisme is dat dit meestal dinge wat nie rasioneel verklaar kan word nie, negeer.

Postmodernisme moet nooit misverstaan word asof dit irrasioneel is nie, maar dit gee wel ruimte vir 'n breër rasionaliteit (Rossouw, 1995:77). In die postmoderne lewensgevoel is daar weer oog daarvoor dat alles nie rasioneel verklaarbaar is nie.

#### **1.1.5 Retoriek teenoor semantiek**

In die moderne era is taal gesien as iets transparant, die taalteken verwys na 'n betekende objek en het daarbenewens nie ander funksies nie. In postmodernisme word taal eerder gesien as 'n netwerk van tekens (Klages, 1997). Betekenis word gedefinieer in die verwantskap tussen woorde, hoe woorde hulleself van mekaar afbaken. Die strukturalisme van Ferdinand de Saussure (1857-1913) het waarskynlik die grondslag gelê vir hierdie verskuiwing in die siening van taal. Hy sien die verwantskap tussen teken en betekende as 'n arbitrêre verwantskap en taal as 'n sisteem van tekens wat hulle betekenis verkry in hulle verwantskap met mekaar. Voorts moet taal gesien word as 'n sosiale verskynsel wat vorm gee aan die subjek eerder as dat dit deur individue gevorm word (Goodliff, 1998:43).

Foucault se nadenke oor die wyse waarop magsverhoudings deel is van alle diskoerse, vorm 'n belangrike grondsteen van postmoderne denke. Hy wys uit dat taal nooit gesien moet word as iets neutraal nie, maar dat daar altyd magsuitoefening in taal ter sprake is, ook in taal wat voorgee om objektief en suiwer rasioneel te wees. Wetenskap en rasionaliteit is instrumente waardeur mag uitgeoefen word (Goodliff, 1998:45). Retoriek is die praktiese vaardigheid om taal op so 'n wyse aan te wend dat dit bepaalde effekte het, of die wetenskap wat bestudeer hoe mens taal met 'n bepaalde effek kan aanwend. Tans is daar 'n heroplewing in belangstelling in retoriek, omdat die mag van die woord weer na die oppervlak gekom het. (IJsseling, 1978:164). Die aandag aan retoriek beklemtoon dat taal nie 'n objektiewe weergawe van die werklikheid is wat deur semantiese ontleding na vore

gebring kan word nie, maar dat daar altyd in taal magsverhoudings en nie-rasionele elemente ter sprake is. Deur taal word vorm gegee aan die werklikheid en die wyse waarop dit plaasvind, is deur retoriek waar taal aangewend word om 'n bepaalde effek op die diskoers te hê. Die belangstelling in retoriek toon dat daar meer oog daarvoor is dat mense nie uitsluitlik rasionele wesens is nie en dat daar in die samelewing ander kragte aan die werk is waardeur vorm gegee word aan die werklikheid. In die postmoderne era is daar groot belangstelling vir die effek van taal. Brueggemann (1996) beskryf dit so dat in 'n postmoderne wêreld dit retoriek is wat wêreldde genereer. Retoriek beskryf nie bloot die werklikheid nie, maar bring dit tot stand.

### **1.1.6 Aandag aan gemarginaliseerde stemme**

In die postmoderne lewensgevoel is daar ook meer oog daarvoor dat die stem van die ekspert nie die enigste stem is wat belangrik is om te hoor nie; om die waarheid te sê, daar is dikwels ontnugtering met die uitkomste van goedbedoelde projekte wat deur eksperts beplan en geloods is (Rossouw, 1995:86, Van Niekerk, 1996:76-78). Postmoderne denkers wys uit hoedat die diskoers gedomineer word deur eksperts en diegene met mag, ten koste van die insig en kennis van mense wat nie 'n stem in die diskoers het nie. In 'n postmoderne kultuur is daar daarom al duideliker aandrag dat nie alleen die menings van eksperts of diegene in die hoofstroom van die samelewing die moeite werd is om te hoor wanneer besluite geneem moet word nie. Veral moet daar geluister word na diegene wat direk geraak word deur die besluite en dikwels invloedryke menings van eksperts. Diegene wat in modernisme gemarginaliseer geraak het vanweë die dominante diskoerse, se stemme moet doelbewus gehoor word en hulle moet 'n plek en stem kry in die diskoers (Rossouw, 1995:87). Hierdie spesifieke aandag aan gemarginaliseerdes pas in by die Bybelse etos waarin God op 'n spesiale manier besorgd is oor diegene wat uitgeskuif is uit die dominante diskoers.

## ***1.2 IS POSTMODERNISME RELEVANT IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS?***

Die vraag kan gevra word of ons in Suid-Afrika werklik te doen het met 'n postmoderne samelewing? Smit (1997) huldig die mening dat Suid-Afrika glad nie as 'n postmoderne samelewing getipeer kan word nie, omdat die groot oorgange na modernisme op makrososiale vlak eers in die laaste dekade van die twintigste eeu gemaak is.

In hierdie verband maak Cahoon (1995:3-4) 'n belangrike onderskeid waarmee rekening gehou moet word in enige bespreking van die groot verskuiwings wat in 'n samelewing

plaasvind. Dit is die onderskeid tussen (i) verskuiwings wat plaasvind in die gemeenskap self, (ii) verskuiwings wat plaasvind in die kultuur van 'n gemeenskap en (iii) verskuiwings wat plaasvind in die dominante diskoers oor die gemeenskap.

(i) Verskuiwings in die **gemeenskap self** het te doen met veranderinge op tegnologiese gebied of die manier waarop die gemeenskap georganiseer word in byvoorbeeld die politieke bestel of die geformaliseerde opvoedingsstelsel.

(ii) Verskuiwings in die **kultuur** van die gemeenskap gaan oor veranderinge in die wyse waarop mense in 'n bepaalde gemeenskap hulle werklikheid interpreteer, en soos dit neerslag vind in hulle woorde en artefakte.

(iii) Verskuiwings in die **diskoers** oor 'n gemeenskap gaan oor veranderinge in die dominante beskouings wat lede van die gemeenskap of intellektuele oor die gemeenskap het.

Hierdie onderskeid is veral van belang in Suid-Afrika waar 'n groot deel van die samelewing in pre-moderne gemeenskappe lewe, en waar belangrike politieke oorgange na 'n modernistiese bestel eers die afgelope dekade gemaak is (Lötter, 1995:54-55). Dit is juis hierdie oorgang wat ook 'n groot invloed gehad het op die wyse waarop Suid-Afrikaners **meta-narratiewe** beskou: "*South Africa's transition to democracy, or alternatively, its modernizing drive to implement symmetric reciprocity, has led South Africans to experience a growing incredulity towards metanarratives, ...*" (Lötter, 1995:56). Die "Boetman debat" wat gedurende 2000 in die Afrikaanse media gevoer is, is 'n uitdrukking van Afrikaners se ontugtering met en agterdog teenoor die meta-narratiewe van die samelewing.

Die oorgang van apartheid na demokrasie het Suid-Afrikaners verder sensitief gemaak vir die **diversiteit** wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestaan. In Suid-Afrika is mense se oë ook oopgemaak vir die wyse waarop **mag** in die samelewing werk, op die vlak van geïnstitusioneerde magsuitoefening sowel as in die grein van die samelewing (Lötter, 1995:56-59). Verder sou mens met reg kon sê dat 'n groot deel van die **intellektuele diskoers** wat in Suid-Afrika plaasvind, die siening huldig dat ons toenemend met 'n postmoderne samelewing te doen het. Ek meen dat dit geregtig is om hierdie studie aan te pak met die uitgangspunt dat ons al meer met 'n samelewing te doen het wat homself as postmodern verstaan. Alhoewel mense dit nie altyd uitdruklik so kan formuleer nie, leef ons in 'n samelewing waarin baie mense hulleself en hulle werklikheid op postmodernistiese wyse verstaan.

## 2. DIE DISKOERSE WAARBINNE SELFNARRATIEWE

### GEKONSTRUEER WORD

In die postmodernisme is daar begrip voor dat individue hulle selfnarratiewe nie in isolasie konstrueer nie. Die idee van die outonome subjek wat self aan sy/haar lewe vorm gee, word vervang met die insig dat individue gevorm word en die produk is van die diskoerse waarbinne die self beslag kry. In hierdie nadenke oor die self speel die filosofie van Michel Foucault 'n belangrike rol.

#### 2.1 MICHEL FOUCAULT OOR DIE DISKOERS

Ek vind aansluiting by die nadenke van die Franse filosoof Michel Foucault in my eie posisionering ten opsigte van meta-narratiewe. Alhoewel hy nie die term "meta-narratief" gebruik nie, skryf hierdie filosoof vanuit die taalmatigheid van die werklikheid oor die diskoers. Waarby ek veral aanklank vind, is die vroeë fase van Foucault se denke waarin hy oor die diskoers nadink. Navorsing wat van 'n narratiewe vertrekpunt uitgaan, kan nie die invloed van Foucault miskyk nie. 'n Kykie na die bibliografieë van White (1997a), Epston & White (1990), Epston (1998) en Freedman & Combs (1996) toon dat die denke van Foucault 'n baie groot invloed uitoefen op narratiewe teoretici. Veral White sluit baie aan by die konsepte en werkwyse van Foucault. Vervolgens 'n kort oorsig oor Foucault se filosofie.

##### 2.1.1 Oorsig oor Foucault se werkwyse

McHoul & Grace (1993) onderskei drie basiese kenmerke in die nadenke van Michel Foucault.

1. Foucault poog nie om 'n enkele samehangende sisteem van denke te konstrueer nie, of om ondubbelsinnige antwoorde te gee oor wat die wese van die werklikheid is nie, of om 'n ontologie te skryf nie. Wat hy doen, is om vrae te vra, en dan veral die basiese vraag: "Wie is ons *vandag*?"
2. Nadenke oor die werklikheid kan nie losgemaak word van die geskiedenis nie. Om te verstaan wie ons vandag is, moet ons kyk na die prosesse wat ons gebring het waar ons vandag is. 'n Groot deel van sy denke gaan daarvoor om na te vors watter kragte in die geskiedenis aan die werk was wat ons gebring het by 'n wêreld waarin ons oor sake dink soos ons vandag dink. Die geskiedenis verloop, volgens Foucault, nie met wetmatige noodwendigheid nie; dit sou netsowel ook anders kon verloop

het. Maar, ons is wat ons vandag is as gevolg van 'n geskiedenis wat op 'n bepaalde manier verloop het. Die geskiedenis is die *medium* waarbinne ons leef.

3. In die nadenke van Foucault kan verskillende fases onderskei word waarin hy op bepaalde temas fokus. Vir hierdie navorsing is veral die eerste fase van belang, waarin hy op die argeologie van kennis en die diskoers gefokus het. Deurlopend deur sy filosofie bly egter die tema: "Wie is ons vandag?" (Foucault, 1988b:145). 'n Verdere deurlopende tema in sy denke is die *subjek*. In sy nadenke oor die subjek dui McHoul & Grace (1993:x) drie vrae aan wat sy aanpak deurgaans kenmerk:
  - a. Wie is ons in terme van ons *kennis van onself*?
  - b. Wie is ons in terme van die wyse waarop ons *deur politieke prosesse* in die samelewing en geskiedenis *geproduseer* word?
  - c. Wie is ons in ons *verhoudings met onself en die etiek* wat ons skep om die verhoudings te reguleer?

Foucault se nadenke gaan grootliks oor drie temas, nl die DISKOERS, MAG en die SUBJEK.

Een van die belangrikste effekte van die nadenke van Foucault is dat dit mens skielik met ander oë laat kyk na dit wat as normaal en vanselfsprekend geld. Hy volg 'n argeologiese werkwyse wat inhou dat hy die geskiedenis nagaan waardeur sosiale instellings en bepaalde menswetenskaplike dissiplines wat daarmee saamhang, tot stand gekom het (Foucault, 1972). So kyk hy byvoorbeeld na die omstandighede en voorwaardes wat die ontstaan van die dissipline van psigiatrie en sielsieke-inrigtings moontlik maak, hoedat daar dinge soos tronke, straf deur aanhouding en die kategorie "krimineel" ontstaan of na die prosesse wat dit moontlik maak dat verskillende seksuele voorkeure as tipes getipeer word. Foucault toon aan dat baie idees en sosiale instellings wat ons as vanselfsprekend en noodwendig aanvaar, die produkte van historiese prosesse is, en net sowel anders sou kon gelyk het (vergelyk Foucault, 1972:40-49).

'n Belangrike element van sy werkswyse is die aandag wat hy gee aan ondergeskikte en gemarginaliseerde kennis. Foucault noem dit naïewe kennis omdat dit in die amptelike hiërargie van kennis 'n baie lae posisie inneem. Hierdie is kennis wat nie as wetenskaplik gereken word nie. Ondergeskikte kennis is tweeledig van aard:

1. Aan die een kant is dit kennis wat binne 'n koherente sisteem van gesistematiseerde kennis (soos 'n wetenskaplike dissipline) verborge lê. Hierdie kennis kan deur

kritiese ondersoek weer na vore gebring word. Die werkswyse wat Foucault volg om hierdie vergete kennis weer na vore te bring, is deel van die argeologie van kennis (Foucault, 1972).

2. Aan die ander kant is ondergeskikte kennis ook kennis wat nie gereken word as kennis wat die moeite werd is om aan aandag te gee nie, omdat dit geproduseer word deur gemarginaliseerde individue en groepe wie se menings nie tel nie. Dit is kennis wat laag op die hiërargie van kennis is, onder die vlak wat nodig is om as wetenskaplik die moeite werd gereken te word (Foucault, 1980:82).

Kritiese nadenke soek intensioneel na hierdie kennis. Omdat dit nie inpas by die geordende, wetenskaplik aanvaarbare kennishiërargie nie, is dit juis dié stemme wat kommentaar lewer op dit wat vir ons as vanselfsprekend waar geld in 'n bepaalde samelewing (McHoul & Grace, 1993:16). Foucault se werkswyse is baie met die geskiedenis van idees besig, maar juis om daardeur aan te toon hoe dit wat ons in die hede as waar aanvaar, deur die geskiedenis vorm gegee is. Sy fokus is op die hede (Sheridan, 1980:195). In Foucault se argeologiese werkswyse word uitgewys hoedat die geskiedenis van 'n groep idees of 'n instelling nie met dwingende logiese samehang verloop nie, maar dat daar breuke, spronge en teenstrydighede in voorkom (Foucault, 1972:169-171). Geskiedenis as 'n logiese samehangende geheel is nie inherent aan die gebeure of idees nie, maar is 'n produk van die diskoers van geskiedskrywing (Sheridan, 1980:92). Met sy argeologiese werkswyse bring Foucault die verskille, die breuke en teenstrydighede na vore, as 'n meer volledige beskrywing van die werklikheid en as 'n ondermyning van vanselfsprekendhede (Foucault, 1972:171).

Die argeologiese werkswyse dien as 'n voorloper vir Michael White se dik of ryk beskrywings. In hoofstuk drie word die konsep van dun en dik beskrywings van die self meer volledig uiteengesit, maar hier net 'n enkele opmerking daaroor. Elke beskrywing van die werklikheid is noodwendig 'n reduksie, dit maak 'n keuse uit die onoorsigtelike veelheid van gebeure en uitsprake. Daarom kan enige beskrywing as 'n dun beskrywing gesien word, en hoe meer dogmatismes en absolutes daar in 'n beskrywing is, hoe duideliker is dit dat dit 'n dun beskrywing is. 'n Argeologie van kennis gaan van die standpunt uit dat daar meer oor die werklikheid gesê kan word as wat in die standaard geskiedenisboeke of in die vanselfsprekende aannames wat oor die werklikheid gemaak word, gesê kan word. Die oopgrawe van hierdie vergete verhale help dat daar 'n dikker of ryker beskrywing van die werklikheid gemaak kan word.

### 2.1.2 Foucault oor die diskoers

Wanneer Foucault oor die diskoers praat, het dit in sy denke 'n baie spesifieke betekenis. Hy gebruik die term om te verwys na die netwerk van uitdrukkings of segginge wat gemaak word, hetsy geskrewe of mondelings. Die diskoers is "*een netwerk van gesproken en geschreven woorden, die beschouwd worden in hun feitelijk en materieel bestaan, in hun tot stand komen of productie en in hetgeen zij tot stand brengen of hun effect*" (Ijsseling, 1979:75-76). Soms verwys "diskoers" na die totaliteit van alle uitdrukkings, maar meestal na komplekse van sosiaal afgebakende uitdrukkings, soos byvoorbeeld die teologiese diskoers, die politieke diskoers of die genres van die wetenskap (Foucault, 1972:22). Taal moet herbedink word in terme van die sosiale en politieke betekenis daarvan, in terme van die wyse waarop dit die werklikheid wat ons ken, tot stand bring. Foucault kies om nie die term "taal" hiervoor te gebruik nie, omdat taal gewoonlik gesien word in terme van die representatiewe funksie daarvan, as die medium waardeur die werklikheid weergegee word. Foucault gebruik daarom die term *diskoers* (McHoul & Grace, 1993:31).

Die diskoers het, volgens Foucault, 'n eie lewe en werksaamheid. Aan die een kant is dit die produk van mense, maar dit bring self ook dinge tot stand. Hoe die diskoers tot stand kom en hoe dit iets tot stand bring, is 'n sentrale vraag in die kritiese nadenke oor die diskoers. Mens moenie aan die diskoers dink as iets wat sentraal beheer word nie. Die diskoers is oor die werklikheid gefragmenteer en elke uitdrukking wat gemaak word, is deel van 'n meer omvattende diskoers. "*Elke uitspraak kan slechts gedaan worden tegen de achtergrond van een netwerk van reeds bestaande uitspraken en vormt zelf weer een mogelijkheid voor andere uitspraken*" (Ijsseling, 1979:76).

In die proses waarin die diskoers getransformeer word en nuwe dinge tot stand bring, is daar sprake van dominansie en gesag. Nie alle uitsprake dra dieselfde gesag nie en sommige uitsprake domineer oor ander. Daar is 'n hiërargie in die netwerk van uitsprake ten opsigte van die waarheidsaanspraak wat dit durf maak.

### 2.1.3 Die subjek en die diskoers

Die diskoers word deur mense voortgedra, maar dit is ook groter as mense (Foucault, 1972:94-95, 106). Dit het 'n selfstandige bestaan teenoor mense met reëls waaraan mense hulle moet onderwerp. 'n Mens is nooit sonder meer die subjek van dit wat hy/sy sê nie, 'n mens is altyd ook die effek van die diskoers (Foucault, 1972:183). 'n Spreker se gedagtes

en bedoeling is op sigself nie voldoende verklaring van wat gesê is nie, omdat die spreker se plek in die diskoers bepaal wat hy/sy sê. Wanneer 'n mens hom/haarself aan die reëls van die diskoers onderwerp, word hy/sy self 'n subjek: "*Subjectiviteit en identiteit zijn altijd ontleende subjectiviteit en ontleende identiteit*" (IJsseling, 1979: 77). Mens het slegs 'n identiteit binne die diskoers.

Die diskoers is groter en omvattender as wat mens kan verstaan. Die diskoers val nie saam met die bewussyn nie, omdat dit onmoontlik is om die diskoers in sy geheel te begryp of voorhande te hê. Daarom is dit dan ook onmoontlik om enige uitdrukking ten volle te verklaar: dit geld vir die uitdrukkings van ander mense sowel as dit wat mens self sê. Betekenis kan nie los van die diskoers verstaan word nie. Sin en betekenis bestaan nie eers in die bewussyn en word daarna uitgedruk nie, sin en betekenis bestaan kragtens die eie orde van die diskoers (IJsseling, 1979:77). Die mens is dus 'n betekenisgewende wese, maar sin en betekenis kan nooit as iets suiwer subjektief verstaan word nie. Betekenis word gegee binne 'n bepaalde diskoers waar bepaalde voorwaardes en waardes geld. Die subjek kan nie los gedink word van die diskoers nie, en wat mens van hom/haarself sê, sê hy/sy as deel van die diskoers: die subjek is tegelyk produk van en ook produseerder van die diskoers (Foucault, 1972:95). In navorsing oor die self is dit 'n belangrike perspektief omdat dit loskom van die vraag oor die natuur of die essensie van die self, en die self of subjek verstaan as iets/iemand wat deur diskoerse geproduseer word (White, 1997a:223).

'n Verdere uiters belangrike effek van die diskoers is die plek wat dit aan mense gee in hulle verhoudings tot mekaar: dit reël hoe mense mekaar sien en hanteer. "*Het belangrijkste dat het diskoers kan uitrichten en bewerken is het toewijzen en bepalen van de posities die de mensen ten aanzien van elkaar en van de wereld innemen*" (IJsseling, 1979:77). Die teorie van Foucault bring na vore dat identiteit, die subjek en verhoudings alles geproduseer word deur die prosesse van die diskoers (White, 1997a:223).

#### **2.1.4 Mag en die diskoers**

'n Belangrike element van Foucault se denke is die wyse waarop hy oor mag en die diskoers dink. Ons leef in 'n werklikheid waarin taal en woorde (geskrewe en gesproke) baie hoog aangeslaan word. Om die woord te mag voer, beteken dat iemand 'n belangrike plek in die samelewing inneem (IJsseling, 1979:71). Magsverhoudings is onlosmaaklik deel van die diskoers. Alle vorme van praat en skryf is onderhewig aan regulering, kontrolering en organisering. Nie almal se menings word geag nie, en sisteme van insluiting en uitsluiting reguleer wie mag praat, oor wat en wanneer (Sheridan, 1980:121-

123). In sowel die groter samelewing as kleiner samelewingstrukture geld bepaalde reëls en taboes: oor sekere dinge praat mens nie en oor ander net op 'n bepaalde manier. Foucault meen dat die sisteme van insluiting en uitsluiting, reëls oor formulering of spelling en ook taboes, alles 'n politieke betekenis het. In Suid-Afrika kan ons baie duidelik sien hoedat die diskoers ingrypend verander het van die apartheidsjare tot vandag. Ander mense word nou toegelaat om te praat as tevore, dinge wat tevore openlik gesê is, is nou taboe terwyl dinge wat tevore taboe was, nou openlik gesê word. Aksente wat tevore uitgesluit is, word nou op die radio en televisie gehoor. Die diskoers is inderdaad die draer van politieke betekenis. 'n Netwerk van magsposisies hou die diskoers in stand, of kan 'n bepaalde diskoers ondermyn. Dit bepaal wie praat die waarheid en na wie dit die moeite werd is om te luister (IJsseling, 1979: 72).

Wanneer Foucault vra: "Hoe is dit moontlik dat die waarheid gepraat word, en teen watter prys?" is sy bedoeling nie dat hyself die waarheid moet praat oor siekte, arbeid, misdaad of seksualiteit nie. Dit beteken dat hy vra oor die tegnieke, die omstandighede en die reëls wat dit moontlik maak dat 'n uitspraak as die waarheid gereken word. Die antwoord hierop is: die diskoers. Dit is die diskoers en die reëls en verhoudings wat in die diskoers bepaal word, wat aan uitdrukkings waarheidsgehalte toeken. Dit is onvermydelik dat daar in die diskoers mag uitgeoefen word (McHoul & Grace, 1993:20).

Mag is nie in strukture, persone of instellings gelokaliseer nie, maar is die voortdurende, immer wisselende strategieë en posisionerings wat in die samelewing aan die werk is. Foucault is nie soseer geïnteresseerd in *wie* die mag uitoefen nie, maar eerder in die wyse waarop mag *sigself* uitoefen, hoedat mag onlosmaaklik deel is van die diskoers. Foucault stel nie in die eerste plek belang in die outeurs of persone wat die mag uitoefen nie, maar wil nagaan wat die magsveld is waarbinne mag uitgeoefen word, wat dit moontlik maak dat magsverhoudings bestaan (McHoul & Grace, 1993:21). Dit beteken egter nie dat hy ontken dat daar ook persone is wat mag uitoefen nie, mag is sowel persoonlik as onpersoonlik: "*Power is both reflexive, then, and impersonal. It acts in a relatively autonomous way and produces subjects just as much as, or even more than, subjects produce it*" (McHoul & Grace, 1993:20). In die magsvelde en prosesse van magsuitoefening wat in 'n samelewing bestaan, word sowel ondergeskiktes as magsuitoefenaars geproduseer.

Mag is egter nie iets abstrak wat iemand kan besit nie, maar is iets wat uitgeoefen word. Mag is dus relasioneel en word uitgeoefen in die komplekse veld van ontelbaar baie

posisionerings wat strategies aan mekaar verbind is. Daarom is mag en die uitoefening daarvan ook iets wat voortdurend verander. Dit sou verder 'n oorvereenvoudiging wees om aan mag te dink as iets wat gelokaliseer is in bepaalde instellings soos die staat, kerk of opvoedingsstelsel. Magstrategieë word meer dikwels anoniem op alle lewensterreine voltrek: oral waar daar orde is, waar bepaalde reëls en konvensies geld, waar mense in verhoudings tot mekaar en die wêreld staan, is daar mag aan die werk. Mag is dus nie 'n eksterne faktor nie, maar is inherent aan alle verhoudings. Mag maak verhoudings moontlik. Dit is belangrik om te verstaan dat dit nie hier gaan oor die mag van een persoon oor 'n ander nie, maar oor die wyse waarop alle verhoudings gestruktureer word deur reëls en konvensies: "... Dit (i. e. mag (LB)) geld bijvoorbeeld voor alle sociaal-economiese verhoudings, voor de verhoudings in een gezin en de seksuele betrekkingen, voor de huisvesting en de gezondheidszorg ..." (IJsseling, 1979:80).

Foucault kyk verder na die prosesse, die tegnieke en die praktyke waardeur kennis genormaliseer word. Die proses van normalisering werk deur sisteme van insluiting en uitsluiting. IJsseling (1978:152-153) het in hierdie verband indringende kommentaar gelewer op die wyse waarop sisteme van insluiting en uitsluiting in die diskoers werk.

Foucault meen dat die stelsel van uitsluiting wat die mees algemene werking in die samelewing vandag het, die stelsel van die wil tot waarheid is. Waarheid is nie iets wat met mag (fisiese mag) afgedwing word nie, maar is iets wat nagestreef word (Sheridan, 1980:123). Daar bestaan uitgebreide instellings waarin die wil om waarheid te ontdek, opereer:

There is a whole institutional base on which the will to truth operates: the educational system, the distribution of information through libraries, learned societies, laboratories, the values set by different social systems on different forms of knowledge. Such a will to truth tends to affect other discourses. ... economic practices, solidified into a mass of practical, even moral precepts, have sought since the seventeenth century to find a rational base. Even the penal system has gradually loosened its ties with religious morality and looked to a burgeoning mass of social sciences for justification (Sheridan, 1980:123).

## 2.1.5 Die belang van Foucault vir hierdie studie

- Foucault se kritiese nadenke oor die diskoers help ons om na te dink oor dit wat ons as normaal en vanselfsprekend aanvaar. Hy wys uit hoedat daar agter elke vanselfsprekende waarheid 'n bepaalde geskiedenis is. Dit waarsku ons dat navorsing altyd plaasvind binne 'n bepaalde netwerk van uitdrukkings, en dat daar binne hierdie netwerk 'n hiërargie bestaan waarvolgens waarheid toegeken word.
- Omdat mense se subjektiwiteit en identiteit 'n effek van die diskoers is, is dit nodig om krities te dink oor dit wat mense sê. Uitdrukkings of segginge kan nie gemaak word los van die diskoers waarbinne dinge gesê word nie, dit is produk van die diskoers. Eie verhale, dit wat mense van hulleself dink en sê, kom tot stand teen die agtergrond van 'n bepaalde diskoers.
- Ondergeskikte kennis, marginale stemme en nie-amptelike uitdrukkings help mens om krities na te dink oor die diskoers waarbinne jy jouself bevind. Dit is as't ware vensters op en vraagtekens by dinge wat mens maklik as vanselfsprekend waar aanvaar.
- Foucault se argeologiese werkswyse wys dat dit nie noodsaaklik is dat daar eers 'n probleem moet wees, soos in terapie, voordat kritiese denke oor die vanselfsprekendhede van die werklikheid nodig raak nie. Almal is deel van die diskoers, en daarom moet ons moeite doen om marginale stemme te hoor, anders is ons denke bloot 'n bevestiging van die dominante diskoers. In navorsing soos hierdie reken ek dit is belangrik om moeite te doen om krities te reflekteer oor die diskoers waarbinne ekself dink en skryf. Dit is deel van die integriteit van narratiewe navorsing dat dit krities omgaan met die dominante verhale en dit nie bloot herbevestig nie. Verder is kritiese selfrefleksie belangrik vir volgehoue groei en ontwikkeling. (Hieroor meer in hoofstuk 4.)
- Foucault se denke bring die onontkombaarheid van die diskoers na vore. Alle uitsprake is deel van die diskoers en selfnarratiewe word gekonstrueer teen die agtergrond van 'n bepaalde diskoers, 'n subjek is produk van die diskoers en gee ook vorm aan die diskoers.
- Foucault wys uit hoedat magsverhoudings onlosmaaklik deel is van die diskoers. Foucault meen dat mens slegs kan uitwys watter magsverhoudings in 'n diskoers bestaan, om jouself los te maak van hierdie magsverhoudings is nie moontlik nie.

Wanneer daar kritiek teen 'n bepaalde diskoers uitgespreek word, skep dit weer nuwe magsverhoudings:- om posisie in te neem teenoor die diskoers en krities te reflekteer oor die gangbare waarheid in 'n diskoers, bring weer nuwe magsverhoudings tot stand.

- Wanneer ons narratief werk aan storie-ontdekking vra dit dat ons krities sal reflekteer oor die diskoers waarbinne die pastoraal terapeutiese self beslag kry. Die pastorale terapeut se selfnarratief is opgeneem in die diskoers oor pastors en terapie.
- Wanneer nuwe stories ontwikkel word, word daar vorm gegee aan hierdie diskoers, waarin daar ook weer mag en invloed uitgeoefen word en waarin daar weer (nuwe) reëls geld.

Die denke van Foucault help ons om krities na te dink oor die diskoers waarbinne ons opereer en oor dinge wat dikwels as vanselfsprekende waarhede geld. Deur sy argeologiese werkswyse toon hy aan hoedat histories bepaalde standpunte in die diskoers opgeneem word en tot bo-historiese waarhede verhef word. Hierdie navorsing wil deelneem aan die kritiese gesprek oor die diskoers oor die pastor. So 'n gesprek kan nie op 'n ander manier plaasvind nie as deel van die prakties-teologiese diskoers: dit word deur die diskoers gevorm maar neem ook deel aan die voortgaande vorming van die diskoers.

Die manier waarop Michael White met die diskoers omgaan is baie meer krities. Mens kry by hom die indruk dat die diskoerse altyd sonder meer onderdrukkend en vervreemdend werk. Daarom is sy werkswyse een waarin diskoerse altyd gedekonstrueer moet word. Nuwe stories kan nie tot stand kom sonder dat die heersende diskoers gedekonstrueer word nie.

In my eie werkswyse vind ek aanklank by die manier waarop Brueggemann met die tradisie omgaan. Brueggemann (1993:39) sien die geloofsgemeenskap as een wat sowel onthou as voortgaan met herinterpretasie. Wanneer ons vanuit die postmoderne wêreld krities wil nadink oor die gangbare wysheid van die modernisme, is dit belangrik om opnuut die Bybelse tekste te lees om nuwe perspektiewe te vind en vergete stories op te diep wat ons kan help om los te kom van die "*common sense*" van die modernisme:

The tradition of biblical text has an enormous stake in memory, and the church is the community that gathers to remember. The memory that is useful for the funding of postmodern imagination need not be ordered,

coherent and reasonable. The text is rather like the script of psychotherapy. It brings to consciousness all sorts of odd features from our past that we have repressed. In so doing, it shatters our thin present tense and makes available to us all sorts of materials out of which may be faced and chosen alternative present tenses (Brueggemann, 1993:39).

### 3. DIE SELF EN 'N NARRATIEWE BENADERING

#### 3.1 WAAROM 'N NARRATIEWE BENADERING?

Postmodernisme ondermyn die idee van 'n enkele meta-narratief wat die werklikheid begrond, of dit nou teologies, filosofies, of pragmaties-tegnies is. Dit wys die pluraliteit van die werklikheid uit en plaas waarhede langs mekaar sonder om een as "Die Waarheid" uit te sonder. Dit akkommodeer die paradoksale van die werklikheid sonder enige dwang om dit in 'n enkele patroon in te pas. Dit is 'n viering van individualiteit en eiesoortigheid. Dit aanvaar die relatiwiteit van opinies, wetenskaplike uitsprake en waardes as 'n gegewe.

En tog plaas postmoderne mense juis 'n geweldige hoë premie daarop om betekenis aan hulle lewens en wêreld te gee. Die mens is 'n wese wat betekenis toeken, wat sy werklikheid in terme van taal beleef en wat sy ervarings rangskik op so 'n manier dat daar samehang en sin is. Miskien is dit juis omdat die meta-narratiewe hulle bindende krag in die lewe van die individu verloor, dat dit so belangrik word vir die individu om self betekenis aan sy/haar lewe toe te ken. Die wyse waarop mense hulle wêreld hanteer, organiseer en verstaan, is deur middel van narratiewe: "*Narrative is not just an explanatory device, but is actually constitutive of the way we experience things*" (Johnson, 1993:11 soos aangehaal in Schrag, 1997:23). Die narratiewe in terme waarvan mense hulle werklikheid organiseer, is nie altyd op die oppervlak nie, dit funksioneer dikwels onbewus. Dit bly egter die manier waarop mense hulle lewensverhale **organiseer en betekenis toeken** aan gebeure en die manier waarop dinge verloop.

Onlangs het ek vir 'n naweek saam met 'n groep gesinne uit ons gemeente gegaan om as gespreksleier op te tree in 'n paar laag-gestruktureerde gesprekke. Toe ek hulle vra om te begin stories te vertel, het dit aanvanklik bietjie sukkel-sukkel gegaan, asof hulle nie weet wat van hulle verwag word nie. Geleidelik kom die stories egter na vore: mooi en goeie verhale maar ook verhale van verlies en teleurstelling. Al hierdie verhale is belangrik omdat dit vertel van gebeure wat aan hulle lewens vorm gee en hulle verhoudings beïnvloed. Die

betekenis van hierdie verhale was aanvanklik nie op die oppervlak nie, maar toe ek daaroor navraag begin doen, kom ons saam agter dat dit die verhale is in terme waarvan hierdie mense hulleself en ander mense verstaan.

'n Baie belangrike element van die narratiewe benadering is dan ook juis om mense te help om verhale te ontdek, om te ontdek wat die betekenis van gebeure in hulle lewens is. "... *the narrative metaphor proposes that persons live their lives by stories - that these stories are shaping of life, and that they have real, not imagined, effects - and that these stories provide the structure of life*" (White, 1991:28 soos aangehaal in Freedman & Combs, 1996:77)

Navorsing wat in die veld van **kognitiewe sielkunde** gedoen is, maak in hierdie verband 'n verdere bydrae. Hierdie navorsing gee aandag aan die kognitiewe prosesse wat plaasvind wanneer mense blootgestel word aan eksterne stimuli. Die reaksie op stimuli by die mens is kwalitatief anders as by ander organismes of by fisiese verskynsels soos chemiese molekules (Polkinghorne, 1988:108). Wanneer mense blootgestel word aan stimuli, word hierdie nuwe informasie deur hulle interne mentale prosesse vergelyk met reeds bestaande kognitiewe patrone en georganiseer as betekenisvolle en nuttige inligting. Hierdie beskouing beweeg weg van die meganiese behavioristiese stimulus-respons konsep van die self en sien die mens as 'n betekenisgewende wese: die wyse waarop mense stimuli van buite hanteer, is deur dit in te pas in bestaande betekenis-sisteme. Hierdie waarneming in die veld van kognitiewe sielkunde bevestig die postmoderne siening dat taal betekenis het as 'n veld van tekens wat met mekaar in verband staan en na mekaar verwys (Polkinghorne, 1988:108).

'n Tweede belangrike insig uit die kognitiewe teorie is dat **waarnemings altyd binne 'n bepaalde konteks gemaak word**. Die tradisionele empirisme wil dit hê dat wetenskaplike kennis of teorie 'n kaart van die werklikheid daarstel op 'n direkte en kontekslose wyse. Daarenteen sien die kognitiewe benadering die verwerking van stimuli soos volg: "*Experience is constructed when a person assimilates stimuli and matches them with his or her existing structural representations of events which are judged to be similar to the input event*" (Polkinghorne, 1988:108). Die verwerking van kennis vind dus altyd plaas binne die konteks van die waarnemer.

Die bydrae wat die kognitiewe psigologie maak as een van die voorlopers van die narratiewe benadering, is die insig dat mense in hulle kenprosesse **dinge met mekaar in verband bring** en só betekenis aan ervarings heg. Verstaan vind plaas deur taal, en die

manier waarop mense ervarings en eksterne stimuli verstaan, is deur dit in verband te bring met reeds bestaande kognitiewe patrone: "... *people assimilate input, particularly textual input, to an acquired, organized internal representation of a narrative grammar.*" (Polkinghorne, 1988:109).

Hierdie beginsel word dan verder toegepas op die wyse waarop selfnarratiewe gekonstrueer word. In die vertel van lewensverhale word **narratiewe strukture** as 'n ordeningsprinsipe gebruik om sin en samehang aan die selfnarratief te gee. Mishler (1986:156) dui aan dat narratiewe na gelang van die konteks waarin dit vertel word of die funksie wat dit moet vervul, in verskillende narratiewe strukture gegiet word. Narratiewe strukture is basiese raamwerke waarvolgens verhale georden word. Hierdie verskynsel het uiteraard 'n invloed op die manier waarop ook selfnarratiewe ingeklee word. Mense het meestal vooraf reeds 'n idee of prent in hulle koppe oor hoe 'n verhaal behoort te lyk, en as hulle hul eie verhaal vertel, vind dit plaas aan die hand van hierdie strukture.

Narratiewe strukture word ook gebruik om **oorzaak en gevolg** aan te dui. Sonder narratiewe strukture is 'n selfnarratief bloot 'n chronologiese lys van losstaande gebeure. Narratiewe strukture word gebruik om die gebeure in 'n samehangende geheel te orden en te sistematiseer (Polkinghorne, 1988:115). Hierdie oorsaaklike verbande is egter anders as dié van die natuurwetenskappe waar oorsaaklikheid algemene geldigheid moet hê om as wetenskaplike kennis te geld. Die oorsaaklike verbande wat in 'n bepaalde narratief gelê word, is immanent aan die spesifieke verhaal en maak nie aanspraak op algemene geldigheid nie.

In hoofstuk 4 word teruggekom na die idee van narratiewe strukture. Daar sal aangetoon word dat selfnarratiewe gans te veel kontingente en eiesoortige elemente bevat om dit in enkele narratiewe strukture te giet. Wat wel waar is, is dat individue deur middel van die narratiewe verhaallyne of *plots* samehang vind in hulle selfnarratiewe.

'n Narratiewe benadering het verder ook oog vir die **kontekstualiteit** van alle uitsprake:

The modern concepts of mind and knowledge conspired in the construction of an abstracted, insular knowing subject, severed from the context and contingencies out of which knowledge of self and knowledge of the world arise. The subject as abstracted epistemological pivot, as atemporal zero-point origin of cognition, is wrested from the lived-experiences of a speaking and narrating self that always understands itself in its speech and in its narration. Knowledge contextualized and informed by narratives that

transmit a tradition and anticipate and pre-enact a future is older than the decontextualized analyses of abstracted conditions for knowledge and the objectified data of human behavior (Schrag, 1997:25-26).

Die konteks van die narratief het 'n bepalende invloed op die struktuur van die verhaal. Mishler (1986:156) toon aan dat navorsing wat gedoen word deur gebruik te maak van selfnarratiewe, gewoonlik te min oog daarvoor het dat die konteks waarbinne die verhaal vertel word, naamlik dié van die navorsingsonderhoud, 'n groot invloed het op sowel die narratiewe strukture as die spesifieke inhoud van die selfnarratiewe. Die konteks van 'n narratief bepaal hoe dit lyk.

- Narratiewe word met 'n rede vertel, dit kom op uit 'n bepaalde agtergrond met die detail van die verteller se omstandighede.
- Narratiewe word vertel teen die agtergrond van ander verhale, wat 'n tradisie opmaak.
- Narratiewe antisipeer en realiseer (*pre-enact*) 'n toekoms.
- Enige aansprake op kennis van die self of die wêreld los van 'n bepaalde konteks, hou 'n reduksie in. Narratiewe is stories deur iemand en aan iemand, daar is nie iets soos 'n abstrakte storie wat sonder 'n verteller en sonder 'n hoorder vertel word nie.

## 3.2 NARRATIEWE NAVORSING OOR DIE SELF

### 3.2.1 Waarom is die narratiewe benadering so geskik vir navorsing oor die self?

*"The importance of narrative is perhaps nowhere more evident and justified than in the portrayal of a life"* (Goldberg, 1982:62). Wanneer mens werklik iemand wil leer ken, dan luister jy na sy/haar verhale. Uit die verhale kan die persoon in sy/haar uniekheid geken word, en nie as objek of blote abstraksie nie. Polkinghorne (1988:151) is van mening dat hermeneuties georiënteerde navorsing nodig is om reg te laat geskied aan die unieke aard van die self:

If the unity and uniqueness of the self is achieved through a process of narrativity and if one conceives of one's own particular existence as a special story and not as a physical or mental thing, then more adequate, hermeneutically oriented research tools will be needed to study personal identity. These tools will seek to understand the self as an expression, and

will be modeled on the processes a person uses to understand the meaning of a sentence, not on procedures for identifying characteristics or qualities. (...) ... the self is a concept defined as the expressive process of human existence, whose form is narrativity (Polkinghorne, 1988:151).

In die volgende hoofstuk wil ek kyk na beskouings van die self. Uit die verskillende teoretiese oriëntasies kom verskillende gesigspunte of verhale oor wat die self is, na vore. Hierdie verskillende perspektiewe help ons om nie uitsluitend te dink oor die self nie, maar om vanuit verskillende hoeke na dieselfde saak te kyk. In hierdie verband is Lynn Hoffman (1990) se beskouing dat die verskillende teoretiese uitgangspunte verskillende lense is waarmee ons na dieselfde saak kyk, van toepassing. Ons hoef ook nie te kies tussen die verskillende perspektiewe asof een die waarheid is en die ander onwaar nie. Dit is nie 'n kwessie van waar of onwaar nie, maar van verskillende perspektiewe. As ons hierdie uitgangspunt deurtrek, moet ons ook toegee dat ook die narratiewe perspektief op die self nie die finale waarheid is nie, maar net een van die perspektiewe of lense. 'n Narratiewe beskouing op die self is egter konteks-toepaslik in 'n samelewing waarin mense hulleself en hulle werklikheid al meer in postmoderne terme verstaan.

'n Narratiewe beskouing van die self hou verder in dat enkele beskouings van die self wat nie uit en uit as narratiewe benaderings kan deurgaan nie, maar waar teoretici wel probeer om self-teorieë met 'n narratiewe benadering in verband te bring, ook in hierdie studie ingesluit word. Uit die aard van die saak kan elke psigologiese oriëntasie se beskouing van die self onmoontlik nie ingesluit word nie - hierdie proefskrif is nie 'n ensiklopedie van self-teorieë nie! Ek poog egter wel om te vra na beskrywings van meer as een werklikheid (Freedman & Combs, 1996:40).

Deur verskillende verhale of beskouings van die self te beluister, word inklusief gewerk en dit maak die moontlikhede oop om perspektiewe op die werklikheid in ander benaderings te hoor. Veral ten opsigte van besinning oor die self is dit verrykend en maak dit nuwe perspektiewe oop. 'n Narratiewe hantering van teorieë is dat verskillende benaderings met mekaar in dialoog gebring word. 'n Dialogiese benadering eerder as 'n argumentatiewe help ons om die negatiewe effekte te vermy van benaderings wat werk met reg of verkeerd, die een of die ander (Hart, 1995). Wanneer op uitsluitende wyse met verskillende benaderings gewerk word, het dit dikwels tot gevolg dat mens net jou eie vooropgestelde standpunte verdedig en dit al meer bevestig, en geen nuwe perspektiewe na vore kom nie. Hierdie studie wil daarteen waak.

### 3.2.2 Nadenke oor die self in die twintigste eeu

In die geskiedenis van beskouings oor die self is daar oor 'n lang tyd en in 'n verskeidenheid van benaderings gebruik gemaak van narratiewe en biografie (Genot, 1996:95). Gevallestudies, wat as 'n spesifieke vorm van selfnarratief beskou kan word, word in baie vertakkings van terapeutiese navorsing gebruik, en het in die ontwikkeling van die dissipline van pastorale terapie 'n baie groot rol gespeel (Gerkin, 1997:61). Die bestudering van individuele lewens is die boustene waarmee die menslike aard bestudeer word. Polkinghorne (1988:101-105) toon aan hoedat selfnarratiewe gebruik is in die bestudering van persoonlike identiteit. In die eerste helfte van die twintigste eeu is selfnarratiewe deur verskeie navorsers gebruik in die bestudering van die individu. William Stern het in 1911 'n tweeledige taak vir individuele psigologie onderskei, naamlik om eerstens die algemene eienskappe in 'n bevolking aan te dui, maar tweedens ook om die samehang in die eienskappe van een persoon te ondersoek. Ander navorsers wat groot bydraes gemaak het tot die gebruik van selfnarratiewe in die bestudering van die self was Gordon Allport, Charlotte Bühler, John Dollard en George Herbert Mead. Op die gebied van pastorale terapie was dit Anton Boisen wat die gebruik van gevallestudies as navorsings- en onderrigmetode in die eerste helfte van die twintigste eeu gevestig het (Gerkin, 1997:61).

In hierdie tyd het die psigoanalitiese benadering oorheers in die optekening van lewensverhale met die oog op terapeutiese navorsing (Polkinghorne, 1988:119; Genot, 1996:97). 'n Kenmerk van hierdie benadering is die hoë mate waarin dit verklarend gewerk het: die terapeut of psigoloog is die kundige wat deur die gebruik van 'n bepaalde terapeutiese raamwerk die verloop van 'n persoon se lewe verklaar. Die verklaringswerk baie sterk met oorsaak en gevolg. Die kategorieë van die psigoanalitiese model soos innerlike konflikte, die rol van die onderbewuste en psigopatologie word gebruik om die persoon se handeling te verklaar. Soms is die getuienis vir sodanige verklarings maar skraal, en dit word eerder gedoen op grond van die getuienis van die verklaringsmodel as op grond van die gegewens oor die persoon. Heelwat kritiek is uitgespreek op die manier waarop psigoanalise veralgemenings maak. Dit het min oog vir die individualiteit en uniekheid van persone en dwing die konseptuele raamwerk van die analis op die individu af. Latere psigobiografieë poog om meer ruimte te gee vir die eiesoortigheid van die individu en beweeg weg van die veralgemenings van psigoanalise in die beskrywing van die self (Genot, 1996:97-98).

In die tweede helfte van die twintigste eeu word benaderings wat nou aansluit by die natuurwetenskappe meer prominent in die psigologie en verdwyn lewensverhale as ondersoekmetode feitlik geheel en al (Polkinghorne, 1988:104). Sedert die middel sestigerjare is daar egter hernude belangstelling in psigobiografieë en temas soos volwasse ontwikkeling, lewensiklus en die invloed van lewensgeskiedenis op psigopatologie word nagevors met behulp van lewensgeskiedenis. 'n Belangrike tema wat in hierdie tyd na vore kom, is aandag aan die wyse waarop mense deur hulle konteks, histories en sosiaal, beïnvloed word (Polkinghorne, 1988:105; kyk ook Genot, 1996:99).

### 3.2.3 Narratiewe en identiteit

Schrag praat van die mens as die *homo narrans*: die storievertellende mens, eerder as die *homo sapiens*: die redelike mens. Die mens is 'n storieverteller wat hom/haarself vind in stories wat reeds vertel is en vorm gee aan die self deur hom/haarself deel te maak van stories wat besig is om te ontvou. Om 'n self te wees, beteken om rekenskap van jouself te kan gee, om die storie van jou lewe te kan vertel (Schrag, 1997:26).

Scheibe (1986:131) dui die volgende aan as die wyse waarop narratiewe funksioneer in die vestiging van 'n persoonlike identiteit:

- Menslike identiteit is iets wat voortdurend evolueer, dit kom na vore deur voortdurende sosiale interaksies deur die loop van 'n persoon se lewe.
- Selfnarratiewe is ontwikkelde stories wat in bepaalde historiese terme vertel word: in 'n bepaalde taal en in 'n bepaalde historiese konteks met sy konvensies, dominante opvattinge en waardes
- Die mees fundamentele narratiewe strukture is universeel maar hierdie strukture kry vorm en word met inhoud gevul volgens die spesifieke konvensies van 'n bepaalde tyd en plek.

Die ontwikkeling of konstruksie van selfnarratiewe vind plaas in 'n sosiale konteks en in die gesprek met betekenisvolle ander persone. Die selfnarratiewe het 'n bepalende invloed op hoe die persoon hom/haarself sien en optree (Jankowski, 1998:113).

Die narratiewe benadering sien narratiewe egter nie bloot as die medium waarvolgens mense uitdrukking gee aan hulle identiteit nie. Narratiewe funksioneer op 'n fundamentele vlak, dit is die ontologiese struktuur van menslike ervaring:

Life is inherently a narrative structure, a structure that we make explicit when we reflect upon our past and our possible future. The actions of human agents, to be intelligible, must be seen against the background of a history, a history of causes and goals, of failure, achievements, and aspirations (Kerby, 1991:40 soos aangehaal in Schrag, 1997:43)

Vergelyk ook Freedman & Combs (1996:77):

We want to emphasize that the narratives we are talking about are the stories that people *live*. They are not "about" life; they *are* life as we know it, life as we experience it. Since, as far as meaning, hope, fear, understanding, motivations, plans, and the like are concerned, our life narratives are our lives, it makes all the difference in the world what sort of narrative is available to a person.

Narratiewe omvat daarom alle ander uitdrukkings van die self: die handeling van die self maak net sin teen die agtergrond van die selfnarratiewe van die persoon: "*Narrative is not simply the telling of a story by the who of the discourse, (...) it is also the emplotment of a personal history through individual and institutional action*" (Schrag, 1997:43). Narratiewe bied die synstruktuur waarbinne menslike handeling beslag en betekenis kry.

In die pluralisme van die postmoderne wêreld bied narratiewe samehang en kontinuïteit, maar sonder om weer in veralgemenings vas te val. Dit situeer narratiewe binne die gegewe van reeds bestaande stories, sonder om die tradisie te verhef tot die waarheid. Dit het oog vir individualiteit en kontingensie, maar verleen tog samehang. Dit honoreer mense as persone wat betekenis gee aan hulle werklikheid en wie se handeling betekenis dra. Dit hou rekenskap met die fundamentele aard van taal.

Die groot klem wat op die taalmatigheid van die werklikheid gelê word, is in 'n sin die kulminasie van strome in die Westerse filosofie gedurende die twintigste eeu. Mens dink in hierdie verband aan Heidegger se uitspraak dat die taal die huis van die syn is; Gadamer wat hermeneutiek sien as 'n teorie van verstaan, nie 'n metodologie nie; Wittgenstein se "*language games*"; Foucault wat die subjek sien as onlosmaaklik verbonde aan die diskoers en Derrida wat taal sien as 'n selfverwysende sisteem waarbinne alle verstaan plaasvind.

Die groot waarde van 'n narratiewe benadering is die wyse waarop dit taal kontekstualiseer en konkretiseer. Dit staan teenoor die ideaal van objektiewe, algemeen geldige en

kontekslose waarhede van die objektivisme en ook teenoor die narratologie wat poog om narratiewe in abstraksie te sien.

... one must be duly vigilant about another danger on the path toward self-understanding, namely, the solidification of narrative into a narratology that disconnects itself from the concrete temporality of the who in discourse. To avoid this danger one should pay particular attention to the explicit entwinement of the event of discourse with the telling of narratives. Narratives need to be told by someone to someone. If narrative doesn't tell a story to someone, then it is not discourse. This accounts for the concretion of narrative in the events of speaking and writing (Schrag, 1997:26).

Narratiewe help om sin en samehang te vind wanneer daar konflik en spanning bestaan. Mishler (1996:151-151 met verwysing na Turner, 1980) sê dat mense stories vertel om te kan lewe. Narratiewe word gebruik om universele kernvraagstukke van menslike lewe op te los. Deur narratiewe word die waardes en doelwitte in die samelewing geïntegreer tot betekenisstrukture waarvolgens mense kan leef. Narratiewe help veral in situasies waar daar spanning en konflik is om opponerende waardes en doelwitte in 'n betekenisvolle geheel saam te voeg.

### 3.2.4 Die kenmerke van narratiewe

Polkinghorne (1988:168) is van mening dat dit nie veel waarde het om te probeer aantoon dat daar basiese narratiewe strukture bestaan nie:

... attempts to create a definitive typology of plots have not been successful. The variety and combination of plot structures means that they do not conform to a categorical structure without intense abstraction of the specific features that give an individual story the power to supply a meaningful interpretation of experience.

Om 'n bepaalde narratief as een of ander narratiewe tipe te kategoriseer, het egter weinig waarde vir die navorser. Om narratiewe in tipes of kategorieë te organiseer, kan selfs die gevolg hê dat die spesifieke inhoud van 'n bepaalde verhaal verlore gaan: "*When a plot is set up as a type and given a name, the tendency is to forget the definite, to cling to the definition*" (Polkinghorne, 1988:169). Dit is egter juis die vermoë van 'n narratiewe benadering om die bepaalde voorhande verhaal ernstig te neem sonder om dit in terme van ander kategorieë te verstaan, wat dit so aantreklik maak en daaraan integriteit verleen. In

die natuurwetenskappe en biologie kan kategorieë 'n kragtige verklarende funksie hê, maar dit is anders wanneer ons te doen het met 'n studieterrein waar dit primêr oor betekenis gaan:

The natural and biological sciences have made use of categorization as the basis for formal explanation. In the realm of human meaning, however, categorization does not have the same power of explanation. Narratives, like sentences, although they conform to the rules of linguistic generation, produce **new context-dependent meanings**. (...) The generation of stories requires using the plots of the past, but as these plots are enlarged and varied by eliminating some elements and adding others, the stories produced become **increasingly dissimilar to the exemplar** (Polkinghorne, 1988:167). (Beklemtoring myne)

Hieronder word 'n paar opmerkings gemaak oor die kenmerke van narratiewe, sonder om te probeer om narratiewe in bepaalde verklarende kategorieë in te deel. Uit bostaande is dit ook duidelik dat algemene opmerkings oor narratiewe nie noodwendig bydra tot die beter verstaan van narratiewe nie, die betekenis van 'n narratief hang af van die kontingente van die verhaal self en die konteks waarbinne dit vertel word.

#### 3.2.4.1 Temporele ordening

In narratiewe is daar 'n logiese en chronologiese struktuur. 'n Narratief bestaan normaalweg uit gebeure wat met mekaar saamhang en wat met mekaar in verband gebring word as gebeure wat op mekaar volg of wat gelyktydig plaasvind. Temporele ordening van gebeure is die minimum kenmerk van narratiewe (Mishler, 1986:147). Hierdie ordening word deur die verteller van die verhaal self aan die verhaal gegee.

#### 3.2.4.2 Chronologiese en nie-chronologiese dimensies

Narratiewe is egter nie alleen die opeenstapeling van chronologiese gegewens nie, dit trek ook lyne wat hierdie gebeure met mekaar en met gebeure buite die narratief self verbind. In narratiewe word betekenis toegeken wat groter is as die kontingente gebeure self.

... the activity of narrative does not consist simply in adding episodes to one another; it also constructs meaningful totalities out of scattered events. The art of narrating, as well as the art of following a story, therefore require that we are able to extract a configuration from a succession. (...) This complex

structure implies that the most humble narrative is always more than a chronological series of events (Ricoeur, 1981:278-279).

#### 3.2.4.3 Narratiewe word vertel en gehoor

'n Narratief is nie abstrakte relaas nie. Dit is konkreet: daar is 'n spesifieke persoon wat iets spesifiek aan iemand anders vertel. Hiermee word dan verstaan dat narratiewe nie poog om maar iets in die algemeen te sê nie, maar dat die persoon en die konteks nodig is om werklik te verstaan wat gesê word (Mishler, 1986:147).

Die konteks waarbinne die verhaal vertel word, het 'n deurslaggewende invloed op die manier waarop die verhaal ingeklee word. Verhale word op verskillende maniere vertel om die braaivleisvuur, in terapie, of in 'n navorsingsgesprek.

#### 3.2.4.4 Deur narratiewe word betekenis aan ervarings gegee

Die basiese manier waarop mense uitdrukking gee aan hulle ervarings, is deur narratiewe:

Through the action of emplotment, the narrative form constitutes human reality into wholes, manifests human values, and bestows meaning on life. Emplotment composes meaning out of events by a process similar to the process that grammar employs to develop meaning from words (Polkinghorne, 1988:159).

Die wyse waarop betekenis gegee word, is deurdat ervarings in samehangende gehele georganiseer word. Hierdie konstruksies vind nie plaas sonder 'n verband met werklike gebeure nie, maar die betekenis van die narratief is meer as die gebeure: "*... narrative meaning consists of more than the events alone: it consists also of the significance these events have for the narrator in relation to a particular theme*" (Polkinghorne, 1988: 160).

#### 3.2.4.5 Narratiewe het 'n plot of verhaallyn

*"Plotting is an activity in which temporal happenings are shaped into meaningful units"* (Polkinghorne, 1988:160). Die organisering van gebeure in mense se lewens in verhale met logiese en chronologiese samehang vind so outomaties plaas, dat dit gewoonlik nie 'n bewuste of sigbare proses is nie. Mense aanvaar gewoonlik dat sekere soorte kennis en waarhede net verstaan kan word wanneer dit as 'n verhaal wat temporeel opeenvolgend afspeel, vertel word (Polkinghorne, 1988:160).

### 3.2.4.6 Gebeure en ervarings en die betekenis wat daaraan geheg word, beïnvloed mekaar

Michael White (1995:31) onderskei tussen *landscapes of action* en *landscapes of consciousness* as twee basiese elemente van verhale. Die landskap van aksie verskaf die basiese struktuur van 'n verhaal, waar gebeure en ervarings met mekaar in verband gebring word in 'n basiese verhaallyn of plot. Die landskap van bewussyn gaan oor die betekenis wat in die verhaal na vore kom:

... the landscape of consciousness or meaning has to do with the interpretations that are made through reflection on those events that are unfolding through landscapes of action. To reiterate, the landscape of meaning is derived through reflection on events in the landscape of action to determine what those events might say about the desires, preferences, qualities, characteristics, motives, purposes, wants, goals, values, beliefs, commitments, of various persons (White, 1995:31).

Hierdie twee dimensies van die verhaal beïnvloed mekaar. Die landskap van bewussyn kom na vore in die refleksie oor die landskap van aksie, maar dit het ook 'n invloed op die wyse waarop die landskap van aksie georden word, op die wyse waarop die plot van 'n verhaal gekonstrueer word: "... *the established accounts of characteristics, motives, commitments, and so on, inform the arrangement of experiences of events in the landscape of action* (White, 1995:31).

### 3.2.4.7 Postmoderne narratiewe as collage

Postmoderne narratiewe vertoon eiesoortige kenmerke wat saamhang met die konteks waarin dit tot stand kom. Scheepers (1998:30) dui aan dat een van die kenmerke van die postmoderne narratiewe teks die gebruik van collage is. Collage is 'n styl wat dikwels as uitdrukkingswyse in postmoderne kuns, letterkunde, argitektuur en stadsbeplanning gebruik word (Harvey, 1990: 40; 48; 51) Hy verwys dan ook na Derrida wat collage of montage beskou as die primêre vorm van postmoderne diskoers, waarin betekenis vloeibaar en kontingent is:

The inherent heterogeneity of that (*collage (LB)*), (be it in painting, writing, architecture) stimulates us, the receivers of the text or image 'to produce a signification which could be neither univocal nor stable'. Both producers and consumers of 'texts' (cultural artifacts) participate in the production of significations and meanings ... (Harvey, 1990:51).

Die gebruik van collage of montage hang saam met die fragmentering van die werklikheid wat 'n leidende motief in 'n postmoderne samelewing is. (Harvey (1990:54). 'n Collage word opgemaak deur verskillende prente, motiewe en style wat in 'n kunswerk opgeneem word en wat saam die kunswerk uitmaak. As 'n verhaal die styl van 'n collage vertoon, word dit vertel deur onder andere gebruik te maak van verskillende vertelstyle. Die vertelstyle hang af van die materiaal van hanteer word en dit word bepaal deur die kleiner stories wat binne die groot verhaal vertel word. Verskillende temas en brokkies word in die verhaal opgeneem en saam vorm dit die geheel van die verhaal, maar sonder dat alles tot 'n afgeronde geheel saamgevoeg word. In postmoderne narratiewe tekste is daar nie 'n enkele regulerende prinsipe wat die kontraste, weersprekings en verskillende style in 'n koherente geheel saambring nie (Scheepers, 1998:30). Daar is 'n eklektiese vermenging van style, verhale en brokstukke van verhale wat in een verhaal gekombineer word.

Hierdie opmerking is van belang wanneer ons luister na selfnarratiewe. As ons dit ernstig neem dat mense se lewens baie fasette vertoon, dan moet ons ook luister na die manier waarop hierdie ervaring van verskillende fasette van die self neerslag kry in verhale. Mense gebruik byvoorbeeld meer formele terme en sinskonstruksies wanneer hulle vertel van hulle akademiese vorming as wanneer hulle vertel van hulle ouerhuise, hulle vertel 'n storie ook anders in 'n navorsingsonderhoud as in 'n terapeutiese gesprek en weer anders in 'n informele gesprek met vriende. In selfnarratiewe vind mens wisselende vertelstyle, brokkies inligting wat soms onsamehangend is, self-weersprekende en kontrasterende verhale. So weerspieël die selfnarratief iets van die geweldige kompleksiteit van die self.

Tog is daar in 'n collage gewoonlik bepaalde groot temas wat die verhaal vorm gee. Hierdie groot tema(s) word aangevul deur kleiner temas, verhale en prente wat die groot tema ondersteun of in kontras daarteenoor staan. Die idee van kontras in die collage is belangrik: in mense se verhale is daar ook teenstrydighede en dinge of gebeure wat die groot tema weerspreek. Hierdie kontrasterings kanselleer nie die groot temas nie, maar verleen egtheid aan die selfnarratief as 'n eg menslike verhaal.

#### 3.2.4.8 **Ideaalbeelde en selfnarratiewe**

Goldberg (1982:68) sê die volgende oor die samebindende krag van ideaalbeelde: "... *the common strand that ties these various notions of biography, theology, character and community together, is that of 'image'.*" In aansluiting by McClendon (1974:96-97) beskryf hy **ideaalbeelde** as metafore wat in 'n gemeenskap as prototipes dien en wat die visie of

karakter van 'n gemeenskap uitbeeld. Hierdie ideaalbeelde het 'n invloed op die self en gee vorm aan die manier waarop 'n persoon hom/haarself sien:

... these images help form the context within which a man (*sic*) sees his life and within which he makes his life's commitments. In living out his life under the vision of these of these dominant images (and according to McClendon, this is what is meant by 'religion'), a man's life becomes the image of that vision for others. He comes to embody that vision and so display it for others (Goldberg, 1982:68).

Verskillende mense het verskillende ideaalbeelde wat as sentrale temas dien en waarvolgens hulle hul lewensverhaal konstrueer. Dat so 'n ideaalbeeld 'n groot invloed het op die konstruksie van 'n persoon se selfnarratief, geld byna vanselfsprekend. In verskillende prominente figure in die Christendom se lewens het verskillende ideaalbeelde 'n leidende invloed gehad: in die lewe van Dag Hammarskjöld was dit die ideaalbeelde van die diensknege en van die kruis, in die lewe van Martin Luther King, Jr., die visie van die Bergpredikasie en die uittog uit Egipte. Omdat hulle lewens in konkrete vergestaltung van hierdie ideaalbeelde was, word hulle eie lewens weer ideaalbeelde vir die Christelike geloofsgemeenskap (Goldberg, 1982:68).

Genot (1995:158-9) dui aan dat sodanige sosiale ideaalbeelde in mense se persoonlike verhale neerslag vind as **imago's** wat 'n hoogs persoonlike en individuele karakter dra. Dit is die dominante beelde waarvolgens 'n individu sy of haar selfnarratief inkleef, dit gee aan die selfnarratief sy eiesoortigheid. Hierdie imago's word deur die sosiale verhale of meta-narratiewe van die gemeenskap geïnformeer, en is die wyse waarop die ideaalbeelde deur die individu 'n eiesoortige toepassing in die persoonlike verhaal kry. In die gebruik van die kategorie van imago kan die klem egter maklik geplaas word op die individu en intrapsigiese prosesse, en daarom verkies ek om in hierdie navorsing net na ideaalbeelde te verwys. Ideaalbeelde funksioneer in elk geval op eiesoortige wyse in verskillende persone se selfnarratiewe. Dit het 'n sterk normatiewe funksie waarvolgens mense hulle selfnarratiewe konstrueer en hulle lewens lei.

#### 4. NARRATIEWE NAVORSING

Hierdie studie wil nie bloot weergee wat teoretici in die narratiewe veld oor die pastoraal terapeutiese self te sê het nie, maar wil ook in die metodologiese aanpak narratief te werk

gaan. Ek is van mening dat dit nie veel help om te sê dat hierdie studie 'n narratiewe beskouing op die self bied, terwyl die navorsingsaanpak steeds primêr modernisties is nie. Vergelyk in hierdie verband die volgende aanhaling uit 'n artikel van Lynch (1997) waarin hy poog om sy navorsingsaansprake te rym met die aanpak van die narratiewe benadering tot terapie:

The theory presented here is post-modern in the sense that it is grounded in post-modern epistemology. This means that, underpinning this theory is the assumption that there is no such thing as universal, objective knowledge and that this theory is an expression of the language, values and beliefs of the particular contexts that I have lived within. As a consequence of this, the theory presented here is not stated as a hypothesis to be tested through rigorous experimental method. For if one of my fundamental epistemological assumptions is that there is no such thing as objective knowledge, then it seems inappropriate to apply a method to this theory which would seek to give it some kind of objective validity. I am not seeking to 'prove' this theory, but to present it as a plausible understanding of the therapeutic process. This theory, then, is offered as a piece of local, contextual knowledge, reflecting my own contexts and commitments, ... (Lynch, 1997).

Ek wil poog om hierdie navorsing op so 'n wyse aan te pak dat daar nie 'n diskrepansie sal wees tussen die epistemologiese uitgangspunte van narratiewe terapie en dié van die navorsing nie.

'n Narratiewe navorsingsaanpak deel baie met kwalitatiewe navorsing, maar wil verder gaan.

In die veld van narratiewe terapie word baie gesê oor hoe terapie lyk, maar nie so baie oor hoe narratiewe navorsing lyk nie. Müller (2000b) is van mening dat ons veel kan leer by die aanpak en uitgangspunte van narratiewe terapie oor hoe om op 'n konsekwente wyse narratiewe navorsing te doen. Hierin vind hy hom in goeie geselskap, vergelyk byvoorbeeld die filosofie van Habermas (1972:310) en Marcuse (1970:25) wat aansluit by die psigoanalise van Freud in hulle kritiese teorieë, of Jennings (1985:57) wat in die teologie aansluit by 'n terapeutiese model om dit wat stukkend is in die samelewing, heel te maak.

In hierdie verband kan die vrae wat Freedman en Combs (1996:40-41) voorstel as 'n kontrolelys vir die narratiewe terapeut om hom/haar te help om konsekwent narratief in sy/haar aanslag te bly, ook baie nuttig wees in navorsing. Deur hierdie vrae te vra, kan die navorser deur die verloop van sy navorsing voortdurend toets of sy/haar aanpak steeds getrou is aan die narratiewe uitgangspunte. Hierdie uitgangspunte is nie bloot uiterlike riglyne nie, maar verwoord die waardes wat ten grondslag van die narratiewe benadering lê.

1. Vra ek vir beskrywings van meer as een werklikheid? Narratiewe navorsing het oog daarvoor dat verskillende teoretiese benaderings vanuit verskillende perspektiewe of met verskillende lense na die wêreld om ons kyk. Dit werk nie soseer met waar of vals nie, maar eerder met waarhede wat langs mekaar gestel word. Daarom kyk hierdie navorsing na wat verskillende teoretici oor die self en oor die terapeutiese self te sê het. Hierdie verskillende teorieë is stories oor die self, perspektiewe op die werklikheid. Die feit dat dit in bepaalde geformaliseerde wetenskaplike taal en in terme van bepaalde denkkategorieë geformuleer is, maak dit nie minder stories nie. Om bepaalde taal te identifiseer met "die waarheid", gaan nie op in 'n narratiewe benadering nie.
2. Luister ek fyn na die maniere waarop die gespreksgenoot se realiteit sosiaal gekonstrueer is? Watter invloede vanuit die sosiale omgewing veroorsaak dat iemand oor haarself sê wat sy sê? Foucault se analise van hoe die diskoers die subjek produseer, is hier van toepassing.
3. Wie se taal word hier bevoordeel? Die werk van Mishler (1986) is hier relevant. Hy waarsku dat navorsers geneig is om hulle eie denkkategorieë op die gesprek af te dwing. Wanneer die respondent begin om iets te vertel wat nie inpas by die kategorieë van die navorser nie, word die gesprek teruggestuur na die navorser se kategorieë. Die afdwing van die navorser se kategorieë op die gesprek het 'n invloed op die integriteit van sodanige navorsing - hoe kan gesê word dat die navorsing 'n getroue weergawe van die leefwêreld van die gespreksgenoot is, as die gespreksgenoot gedwing word om die navorser se denkkategorieë te gebruik? Narratiewe navorsing poog om met so min vooropgestelde idees as moontlik te luister na dit wat gespreksgenote oor hulleself en hulle leefwêreld te vertel het. Dit beteken dat hulle toegelaat word om hulle verhale te vertel met taal en beelde wat

uit hulle wêreld kom, en nie noodwendig uit die wêreld van wetenskap en navorsing nie.

4. Is ek sensitief vir dominante verhale / meta-narratiewe wat die gespreksgenoot se verhaal beperk of 'n onderdrukkende effek uitoefen? Die teorieë van Foucault oor die wyse waarop mag in die diskoers funksioneer, is hier van toepassing. 'n Belangrike aspek van narratiewe navorsing is dat dit vra na die wyse waarop dominante diskoerse bydra tot die probleemverhale en probleme in stand hou.
5. Gaan dit vir my in die luister na verhale meer oor die *betekenis* van die verhale as oor die feite?
6. 'n Narratiewe navorser moet hom/haarself voortdurend afvra of hy/sy nie besig is om die gespreksgenote te evalueer nie. 'n Narratiewe houding hou eerder in dat die gespreksgenote self beoordeel of die rigting waarin die gesprek gaan, vir hulle betekenisvol is.
7. Is ek transparant oor my eie opinies en uitgangspunte? Die navorser se eie opinies, idees, waardes en bedoelings is kontekstueel tot sy/haar eie verhaal en mag nie gesien word as 'n posisie met hoër waarde as dié van die gespreksgenoot nie.
8. In narratiewe navorsing is die navorser bedag op patologiserende denke van sy/haar kant. Net soos narratiewe terapie is narratiewe navorsing sosiaal-konstruksionisties. Dit gaan nie daaroor dat die navorser vanuit 'n ekspert posisie die gespreksgenote evalueer nie maar dat daar saam gesoek word na die definiëring van die probleem en na nuwe stories.

#### 4.1 FOKUSAREAS VAN NARRATIEWE NAVORSING

Polkinghorne (1988:161) onderskei twee fokusareas van navorsing in die menswetenskappe aan die hand van die doelwitte van die onderskeie soorte navorsing. Aan die een kant onderskei hy 'n deskriptiewe benadering wat die narratiewe na vore bring waardeur mense sin aan hulle wêreld gee, en aan die ander kant verklarende navorsing wat ten doel het om 'n narratiewe verslag te gee van *hoekom* 'n bepaalde situasie tot stand gekom het. "*The narrative account that is constructed ties together and orders events so as to make apparent the way they 'caused' the happening under investigation*" (Polkinghorne, 1988:161).

Die wyse waarop narratiewe terapie 'n probleem op narratiewe wyse hanteer, sluit tot 'n mate hierby aan. Narratiewe terapie werk met twee groot uitgangspunte, naamlik om in die eerste plek ruimte te skep waarin stories gehoor kan word en tweedens, om nuwe stories te ontwikkel (Freedman & Combs, 1996). Die twee praktyke van **STORIE-ONTDEKKING** en **STORIE-ONTWIKKELING** is 'n sinvolle wyse om navorsing te doen.

**Storie-ontdekking** hou in om met so min moontlik eie vooropgestelde idees na verhale te luister, en dit is noodsaaklik vir navorsing wat die respondent (gespreksgenoot) werklik ernstig wil neem. In hierdie proses word daar dikwels met oorsaak en gevolg gewerk, maar dan met die oorsaaklikheidsverbande wat deur die gespreksgenoot self gelê word (White, 1995:26; 1999), en nie kategorieë wat uit die teoretiese konstruksies van die terapeut of navorser kom nie (Freedman & Combs, 1996:43). Ons kan egter nie daarvan loskom dat storie ontdekking 'n sosiaal-konstruksionistiese proses is waaraan navorser en gespreksgenoot saamwerk nie (Mishler, 1986:64-65). Die proses van onderhoudsvoering is een waarin die navorser en die gespreksgenoot streef om saam by gedeelde betekenis te kom.

In die proses van ko-konstruksie van betekenis is daar van sowel die navorser as die gespreksgenoot vrae en response. Daarom is dit nodig dat die navorser se vrae en belange by die navorsing so transparant moontlik moet wees.

Verder wil narratiewe navorsing deelneem aan die proses waarin **nuwe verhale ontwikkel** word. Hierdie proses is 'n gesamentlike poging tussen die navorser en die gespreksgenote. Storie-ontwikkeling is net soveel deel van navorsing as van terapie (Müller, 2000b). Storie-ontwikkeling is gerig daarop dat 'n beter situasie tot stand kom, dit wil nie net die geskiedenis of die huidige situasie beskryf nie. Die nuwe storie moet verbeeldingryk genoeg wees om 'n verskil te kan maak. Narratiewe navorsing het ook dieselfde soort beperkinge as terapie: dit kom tot 'n einde en gaan oor in lewenspraktyk. Ander mense handel dan daarmee soos hulle goedvind.

## 4.2 *EMPIRIESE STUDIE*

Die doel van die empiriese studie in hierdie navorsing is om in gesprek te gaan met 'n aantal opgeleide pastorale terapeute, wat met 'n narratiewe benadering werk. Die eerste rondte gesprekke gaan daarvoor om te luister na pastorale terapeute se probleemverhale. Die doel hiermee is om te hoor met watter probleme worstel ander pastorale terapeute, wat beleef hulle as spannings en wat bemoeilik hulle terapeutiese werk. Die opteken van

probleemverhale verbreed die probleemstelling en ek hoop dat dit aan die navorsing 'n breër toepassing en relevansie sal gee as net my persoonlike probleemverhaal. Ek gee nie voor dat die probleme, soos dit uit hierdie gesprekke na vore kom, die belangrikste of enigste probleme is waarmee pastors in hulle terapeutiese werk worstel nie. Hierdie verhale is egter wel die konkrete verhale en konkrete probleme wat uit die praktyk opkom.

Die empiriese studie wil verder ook hoor hoe die pastorale terapeute hulleself sien, watter dinge vir hulle werk, hoe hulle persoonlike lewens 'n invloed het op hulle terapeutiese werk, hoe die gemeentekonteks hulle terapeutiese werk bemoeilik of verryk. Hierdie gesprekke vorm die grootste volume van hierdie navorsing.

Laastens wil ek in hierdie navorsing ook kyk na nuwe stories: watter nuwe moontlikhede kom daar na vore vir die pastoraal terapeutiese self?

#### **4.2.1 Empiriese navorsing in sosiale konstruksionisme**

Kenneth Gergen (1999a) gee 'n aantal belangrike aanduidings oor die plek van empiriese navorsing in postmoderne navorsing wat met sosiale konstruksionisme as wetenskapsteoretiese uitgangspunt werk.

1. Empiriese navorsing lewer nie objektiewe wetenskaplike kennis nie. Alle empiriese navorsing is op meer as een manier onderworpe aan die subjektiwiteit en kontekstualiteit van die navorser (Gergen, 1999a):

- In die eerste plek deur die keuse van die onderwerp wat nagevors word.
- Deur die soort vrae wat gestel word. Met die vrae wat gevra word, stuur die navorser die navorsingsgesprek in 'n bepaalde rigting.
- Die interpretasie van data en die resultate wat dit lewer hang tot 'n hoë mate af van die voorveronderstellings van die navorser.
- Navorsing vind altyd plaas in 'n bepaalde wetenskaplike paradigma wat 'n bepalende invloed het op die waaroor, hoe en met watter doel van navorsing en wetenskapsbeoefening.

2. Uit empiriese navorsing kan nie universeel geldige afleidings gemaak word nie.

From a constructionist perspective, the traditional attempt to test hypotheses about universal processes of the mind, (cognition, motivation, perception, attitudes, prejudices, self-conception) seems

at a minimum misguided, and more tragically, an enormous waste of resources (intellectual, monetary, temporal, material). Not only is the subject matter itself a social construction, thus not subject to empirical evaluation outside a particular tradition of interpretation, but such research represents the arrogation of a uniquely western ontology of the mind to the status of the universal (Gergen, 1999a).

Die afleidings en gevolgtrekkings wat uit empiriese navorsing gemaak word, het nie universele geldigheid nie, maar funksioneer binne 'n bepaalde historiese en wetenskaplike konteks.

#### **4.2.2 Gespreksgenote in narratiewe navorsing**

Die keuse van gespreksgenote vir narratiewe navorsing bepaal tot 'n hoë mate of daar werklik integriteit in die navorsingsproses is.

In narratiewe pastorale **terapie** kies die terapeut nie sy gespreksgenote nie. Meestal kom hulle na jou toe. Moontlik kom hulle na die pastorale terapeut omdat niemand anders beskikbaar is nie, maar waarskynlik is die pastor iemand is wat hulle vertrou en op wie se integriteit hulle kan reken. Die pastor is iemand wat hulle met hulle verhale kan vertrou, en dit het 'n invloed op die watter verhale vertel word en ook die wyse waarop dit vertel word.

In narratiewe navorsing moet die navorser sy gespreksgenote self kies. Die integriteit van die navorser hang ook af van wie hy kies as gespreksgenote in die proses van sy navorsing. Die nadenke van Foucault oor die wyse waarop die diskoers kennis hiërargies organiseer, die sisteme in- en uitsluiting wat in die diskoers bestaan, die gedagtes van IJsseling oor die magsverhoudings wat veral in die akademiese diskoers bestaan, moet ons waarsku dat navorsingsintegriteit 'n mynveld kan wees. Aan die een kant moet die navorser sekere mense kies as gespreksgenote omdat hulle 'n dominante posisie inneem in die akademiese diskoers. Sonder hierdie gespreksgenote se stemme kan navorsing nooit 'n stem kry wat gehoor sal word nie. Navorsing neem deel aan die akademiese gesprek en is as sodanig onderworpe aan die reëls van die akademiese diskoers. Hierdie stemme word hoofsaaklik gevind in literatuur.

Aan die ander kant wil narratiewe navorsing tog ook nie net weer die dominante diskoers bevestig nie. Narratiewe navorsing vra juis ook na stories wat nie gehoor is nie, na perspektiewe wat vergete geraak het, in Foucault se terme, na nuwe kennis wat nie deur die dominante diskoers gereken word as die moeite werd nie. Hierdie stemme help ons om

afstand te kry van die dominante diskoers, om met nuwe oë te kyk na dit wat gewoonlik sonder meer as waar aanvaar word.

In die veld van praktiese teologie is sensitiwiteit vir alternatiewe stemme 'n belangrike tema. Gerkin (1991b) se boek *Prophetic pastoral practice* herinner ons hoe belangrik dit is om nie sonder meer die algemeen aanvaarde waarhede ("*common sense*") van die samelewing te aanvaar nie. Die "*common sense*" van 'n samelewing is die neerslag van wat 'n gemeenskap as goed en gepas beskou, en dit is maklik om maar net in hierdie vloei van opvattinge opgeneem te word. 'n Profetiese pastorale praktyk en navorsing beteken egter dat die "*common sense*" bevraagteken sal word en wel of dit in lyn is met die Bybelse visie van wat gepas en goed is. Om die "*common sense*" te kan bevraagteken, is dit egter onder andere nodig dat daar geluister word na gemarginaliseerde stemme wat nie inpas by dit wat vanselfsprekend aanvaar word as die waarheid nie. 'n Belangrike perspektief van Gerkin is dat dit dikwels die "*common sense*" met sy vaste idees van wat reg, waar en gepas is, wat juis blind is vir wat goed en gepas is volgens die sentrale waardes van die Christelike geloofstradisie. Die gemeenskap marginaliseer dikwels alternatiewe idees en visies van wat goed en waar is.

Die integriteit van narratiewe navorsing lê daarin dat dit ook na marginale stemme wil luister. Daarom moet daar ook in gesprek gegaan word met gespreksgenote wat bietjie buite die dominante diskoers staan. Dit geld vir sowel gespreksgenote in terme van tekste as respondente. Ek glo dat hierdie stemme nuwe perspektiewe na vore sal bring.

#### 4.2.3 Narratiewe onderhoude

Die basiese bron van getuienis oor verhale vind die narratiewe navorser in onderhoude. Mishler (1986:66) toon aan dat dit normaalweg nie 'n probleem is om stories by gespreksgenote te hoor nie, om die waarheid te sê, mense vertel eerder stories om hulleself te verduidelik as om hulle antwoorde in die denkkategorieë van die navorser te giet. Die standaardpraktyk is egter dat gespreksgenote se stories gewoonlik onderdruk word ter wille van die navorser se vrae en kategorieë (Polkinghorne, 1988:163): "*Narratives are a recurrent and prominent feature of accounts offered in all types interviews. If respondents are allowed to continue in their own way until they indicate that they have completed their answers, they are likely to relate stories*".

Dit sal 'n fout wees om te veronderstel dat die navorser en die gespreksgenoot vanself dieselfde betekenis heg aan dit wat gesê word. Die onderhoud is 'n proses waarin daar saam gesoek word na gedeelde betekenis. Dit geskied deur gesprekke en nie deur vraag-

respons, vraag-respons nie. In die navorsingsgesprek is die navorser en gespreksgenoot op mekaar aangewese om betekenis te vind, betekenis word gegeneer in 'n sosiale konteks.

Ons moet ook oog daarvoor hê dat die verhaal wat in 'n navorsingsgesprek vertel word, die produk van die totale situasie is (Polkinghorne 1988:164). Die verteller van die verhaal, die situasie van die navorsingsgesprek en die navorser self speel in op die verhale wat vertel word en die manier waarop dit vertel word. Die navorser kan deur oop vrae, solidariteit met die gespreksgenoot, deur openheid oor sy eie vrae en probleme en deur uitgebreide antwoorde te ondersteun, 'n konteks skep waarin verhale vertel kan word en waarin die gespreksgenoot nie gedwing voel om die verhaal te vertel in terme van sosiaal aanvaarbare kategorieë nie (Paget, 1983, soos aangehaal in Polkinghorne, 1988:164). Narratiewe is uiters sensitief vir die konteks waarbinne dit vertel word, en die navorser moet sodanige konteks skep dat dit bevorderlik is dat ook vergete verhale en ondergeskikte kennis ter sprake kom. Die belangrikste hierin is waarskynlik dat daar samewerking sal bestaan tussen navorser en gespreksgenoot.

Nosworthy en Lane (1998:181) verwys na 'n werkwinkel wat deur David Epston aangebied is waartydens hulle met die idee van mede-navorsing (*co-research*) kennis gemaak het. Mede-navorsing erken die gespreksgenote se kundigheid ten opsigte van hulle eie lewe en probleme waarmee hulle worstel, en gee aan hulle die geleentheid om hulle kennis van die probleem en die hantering daarvan aan die terapeut of navorser mee te deel. Narratiewe navorsingsgesprekke moet daarom so gestruktureer word dat dit die kundigheid van die gespreksgenote na vore laat kom en dit benut.

### 4.3 *KRITIESE REFLEKSIE*

In elke samelewing is daar 'n bepaalde taalsisteme aan die werk waarvolgens die werklikheid georden en verstaan word. Hierdie taalsisteme maak dit moontlik dat mense mekaar kan verstaan en dit vestig bepaalde protokolle in 'n gemeenskap. Daar bestaan in 'n gemeenskap, op grond van die gedeelde taalsisteme, konsensus oor dit wat werklik, rasioneel en reg of verkeerd is, en dit maak dit vir mense moontlik om hulle lewens met mekaar te deel. Aan die ander kant is daar egter ook die gevaar dat die taalsisteme binne 'n gemeenskap geobjektiveer word. Wanneer daar so 'n konsensus in 'n gemeenskap bestaan en almal weet presies wat reg en verkeerd, waar en onwaar is, begin dit die moontlikheid van kritiese refleksie uitsluit. Dit word dan onmoontlik of baie moeilik om die werklikheid krities te bevraagteken. Wanneer daar wel kritiese nadenke plaasvind, deur byvoorbeeld navorsing, maar die navorser gebruik in sy nadenke dieselfde rasionaliteite as dié wat die

werklikheid begrond, is al wat gewoonlik gebeur dat die navorsing die *status quo* bevestig. Verder word diegene wat nie in dieselfde uitgangspunte hulle vertrekpunt neem nie, uitgeskuif as irrelevant (Gergen, 1999a).

Goeie kritiese nadenke moet daarom prosesse van selfrefleksie aan die gang kry en bevorder, prosesse wat sal uitwys hoedat die vanselfsprekende werklikheid wat gewoonlik nie bevraagteken word nie, binne 'n bepaalde kultuur (hetsy in 'n gemeenskap, organisasie of wetenskap) en historisiteit ingebed is, en watter beperkende en onderdrukkende strukture daarin bestaan. Sosiale konstruksionisme vra daarom die vraag na ander stemme wat 'n bydrae kan lewer tot 'n gesprek in 'n bepaalde kultuur, gemeenskap of wetenskapsveld. Sosiale konstruksionisme se sensitiwiteit vir die gekonstrueerde aard van die werklikheid, vir die prosesse waarvolgens die werklikheid gekonstrueer en ook geërodeer word en vir die pragmatiek van taalkonstruksies, maak hierdie benadering by uitstek geskik om 'n gesprek van kritiese refleksie aan die gang te sit.

#### **4.4 NORMERING**

Wanneer na alternatiewe stemme geluister word, beteken dit egter nie dat hulle perspektiewe sonder meer as die waarheid aanvaar word nie. Een van die punte van kritiek teen Foucault is juis dat hy alternatiewe stemme aan die orde stel, daarmee die huidige diskoers bevraagteken, maar self nie enige alternatiewe voorstel nie. Hy het eerder ten doel om net die algemeen gangbare waarheid in historiese perspektief te plaas. In die teologie kan ons moeilik dieselfde doen. In hierdie verband is die manier waarop Brueggemann (1993) kritiese refleksie toepas 'n voorbeeld van hoe die Bybelse verhale gebruik word om 'n ander werklikheid te verbeeld as wat in die dominante diskoers van die modernisme aanwesig is. 'n Tweede voorbeeld van normering vind ons by Don Browning (1991); daaroor meer in die deel oor prakties-teologiese invloede op hierdie navorsing.

#### **4.5 DIE VOORVRAE VAN DIE NAVORSER**

Een van die elemente van die etiek van narratiewe terapie is dat die uitgangspunte van die terapeut deursigtig en op die tafel vir die gespreksgenoot moet wees (Freedman & Combs, 1996:265). Dieselfde beginsel geld vir navorsingsgesprekke in narratiewe navorsing. In hierdie verband is bepaalde insigte van H-G Gadamer (1975) ten opsigte van die hermeneutiese sirkel in die proses van verstaan, verhelderend. Soos wat die voorverstaan van die leser van 'n teks onvermydelik is en juis die manier is waarop 'n leser toegang verkry tot 'n teks, is die vrae waarmee die navorsers tot die navorsingsgesprek toetree,

onvermydelik en gee dit vorm aan die gesprek. Dit is egter belangrik dat hierdie vrae vir sowel die navorser as die gespreksgenoot op die tafel moet wees. Een van die belangrike perspektiewe wat in die beskouings oor narratiewe navorsing na vore gekom het, gaan oor die transparantheid van die ondersoeker se vrae en veronderstellings. Die navorser moet sy/haar belange by die navorsing, wat in elk geval altyd aanwesig is in kennisversameling, sover moontlik ken en op die tafel plaas in die navorsingsgesprek.

#### **4.6 DIE INTEGRITEIT VAN NARRATIEWE NAVORSING**

Die "*common sense*" / gangbare siening van wetenskaplike kennis is dat dit aan 'n bepaalde aantal vereistes moet voldoen. Hierdie vereistes sluit dinge in soos dat dit verifieerbaar, kwantifiseerbaar en algemeen geldig moet wees, en verder dat dit 'n oorsaaklike verband moet aantoon (Polkinghorne, 1988:161). Verskillende werkwyses kan gevolg word: daar kan gesoek na die gemene deler tussen die beskikbare data, na statistiese waarskynlikheid of na oorsaak en gevolg. (Kyk in hierdie verband Gergen, 1999a.) Kwalitatiewe navorsing wil wegkom van die kwantifisering van gegewens, 'n werkswyse voorgeskryf uit 'n natuurwetenskaplike wetenskapsmodel, maar soek steeds na algemene geldigheid. Respondente word ondervra totdat daar nie meer nuwe kategorieë uit die onderhoude na vore kom nie. Die kern van waarheid waarna gesoek word, is die herhalende patrone en die universeel menslike.

Narratiewe navorsing, daarenteen, wil eksplisiet plek gee vir die eiesoortige en unieke van die gespreksgenoot. Dit wil daarteen waak om die denkkonstruksies en wetenskaplike kategorieë van die navorser op die gesprek af te dwing. Gergen (1999a) toon aan in watter mate denkkategorieë bepaalde psigologiese verskynsels in die lewe roep: in die sestende eeu is byvoorbeeld baie gevalle van melankolie aangeteken en vroeër in die twintigste eeu gevalle van senuwee-ineenstortings. Beide hierdie verskynsels bestaan feitlik nie meer vandag nie. Die bestaan van hierdie verskynsels was die gevolg aan die psigologiese kategorieë waarmee daar in 'n bepaalde era gewerk is, dit het nie 'n objektiewe bestaan los van die taalkonstruksies van die psigologie nie.

Die narratiewe benadering wil bewus wees van die invloed wat die navorser se denkkategorieë op die gespreksgenoot se persepsies kan hê. Daarom wil dit in die eerste plek luister. Die integriteit van hierdie soort navorsing lê juis in die erns wat dit met die individualiteit en uniekheid van die respondent/gespreksgenoot maak, die moeite wat dit doen om hulle in hulle eie taal en denkkategorieë aan te hoor.

Mishler (1986) toon op indringende wyse aan hoedat daar in kwalitatiewe navorsing 'n gaping bestaan tussen die alledaagse informele wyse van taalgebruik en die wyse waarop taal hanteer word in navorsingsonderhoude. In navorsingsonderhoude word vroeë gebruik wat poog om konteks-vry te wees. Die resultaat is "*an array of decontextualized responses*" (Mishler, 1986:5). Omdat alle verstaan egter in 'n bepaalde konteks plaasvind, glip kontekstuele verstaanskategorieë weer by die agterdeur in wanneer die response geïnterpreteer word. Die rede is eenvoudig dat dit onmoontlik is om konteksloos te verstaan: alle verstaan vind plaas in 'n bepaalde konteks. Die kognitiewe prosesse wat plaasvind in die hantering van data of stimuli werk juis op so 'n manier dat nuwe inligting ingepas word in bestaande denkraamwerke. Mishler se doel is dan om hierdie alledaagse veronderstellings en kognitiewe raamwerke meer na die oppervlak te bring, en om 'n navorsingsaanpak voor te stel wat dit meer eksplisiet in berekening bring (Mishler, 1986:5).

Die standaardpraktyk van navorsingsonderhoude beperk navorsing tot tegniese sake en gee nie aandag aan die sentrale probleem van gespreksvoering nie, naamlik dat gesprekke plaasvind in algemene gebruikstaal en nie 'n geformaliseerde taal van wetenskaplike ondersoek nie. Mishler (1986:33) is van mening dat 'n onderhoud eerder hanteer moet word as 'n gesprek tussen die navorser en gespreksgenoot, omdat dit beter rekening hou met die taalmatige aard van onderhoude.

Defining interviews as speech events or speech activities, as I do, marks the fundamental contrast between the standard antilinguistic, stimulus-response model and an alternative approach to interviewing as discourse between speakers (Mishler, 1986:35-36).

Omdat 'n gesprek so 'n komplekse gebeure is, lê dit nie by die onderhoudvoerder alleen om te sê wat die uitkoms daarvan is nie. Betekenis in 'n gesprek moet gesamentlik gekonstrueer word deur gespreksvoerder en gespreksgenoot sodat albei verstaan wat hulle sê (Mishler, 1986:65). Mishler se konklusie is dat dit onmoontlik is om reg te laat geskied aan mense se antwoorde op vroeë as ons nie rekening hou met die narratiewe struktuur daarvan nie.

Die integriteit van narratiewe navorsing lê daarin dat dit probeer wegkom daarvan om die geformaliseerde denkkategorieë van die navorser op die gespreksgenoot af te dwing, en poog om die verhaal te volg soos wat dit vertel word.

'n Narratiewe aanpak is by uitstek geskik vir navorsing oor die self, omdat mense hulleself by wyse van narratiewe verstaan. Met verwysing na Sarbin (1983) sê Mishler (1986:149) dat mense dink, waarneem, verbeel en morele keuses maak aan die hand van narratiewe strukture. Die wyse waarop mense koherensie en kontinuïteit in hulle lewens vind, te midde van normale en onverwagte veranderings, breuke en krisisse, is deur die narratiewe. Hierdie narratiewe verteenwoordig die mees samehangende interpretasie van die verlede, dit bepaal die wyse waarop die hede beleef en die toekoms verwag word.

Narratiewe navorsing ontken nie die algemeen menslike; dat daar patrone van menings, ervarings en gedrag voorkom nie. Mense leef immers in gedeelde taalwêrelde. 'n Narratiewe aanpak beweeg in die spanning tussen die unieke, die intiem-persoonlike en eiesoortige aan die een kant, en die universeel menslike aan die ander kant. Die individuele verhaal is ingebed in 'n breër konteks van meta-narratiewe en kollektiewe verhale. In 'n narratiewe navorsingsaanpak moet aandag gegee word aan sowel die individuele as die kollektiewe.

'n Belangrike kenmerk van die narratiewe aanpak is dat dit nie uitsluitlik fokus op die kollektiewe nie. Die waarheidsaanspraak van modernistiese wetenskap berus deels daarop dat dit nagaan en opteken wat die gemene deler tussen die respondente is, dit is op soek na algemeen geldige kennis. Narratiewe navorsing ontken nie die gedeelde areas in mense se verhale nie. Wat dit wel sê, is dat die gemene deler nie al is wat daar te hoor is en wat die moeite werd is om op te teken nie.

'n Narratiewe benadering poog ook om nie vas te steek by een teoretiese raamwerk nie:

A narrative approach can accommodate a larger part of the story than one theory can explain the vast complexities of human behavior. Theories help us to understand and thus validate our work. But the bigger question remains: How can theories help the client? The post-modern message beckons us to create our theories built on a more collective and universal range of human experience. If there are no more absolutes or answers, the tried and true structures no longer offer power to live by; then, where do we find truth? Where can we rest and find stability and hope? Maybe within the next story you hear. Truth emerges from within the narrative flow, not dictated from a position outside (Monteleone, 1999).

'n Teoretiese oriëntasie gee aan die navorser die gereedskap wat hy/sy nodig het om 'n saak te beskryf, en dan wel vanuit 'n bepaalde hoek en met bepaalde veronderstellings, waardes

en belange. 'n Narratiewe aanpak wil nie voorkeur gee aan so 'n enkele beskrywing van die werklikheid nie, maar wil verskillende beskrywings van die saak hoor. Daarom is narratiewe navorsing nie 'n stel tegnieke nie, maar 'n uitgangspunt, 'n houding. Met betrekking tot narratiewe terapie skryf Monteleone (1999) die volgende:

... a narrative focus is a way of coming to some understanding concerning another's reality, it is more a way of seeing and less a way of doing. I would even venture to say that a narrative understanding acts as another way of knowing and helps the therapist conceive the client's world in a respectful, humble and encompassing manner.

Die grondhouding van respek, beskeidenheid en 'n begeerte om op 'n omvattende en insluitende wyse te verstaan, geld ook as 'n kenmerk van narratiewe navorsing. Die navorser wil nie voorskryf of met sy/haar denkkategorieë domineer nie, maar wil die gespreksgenoot in sy/haar eie terme verstaan. Dit is minder ingestel daarop om die regte vaktaal te ken en te gebruik en meer op die taal wat die gespreksgenoot gebruik om sy/haar werklikheid te verstaan en te verduidelik (Monteleone, 1999).

#### 4.7 UITKOMSTE VAN NARRATIEWE NAVORSING

As narratiewe navorsing dan nie poog om universeel geldige uitsprake oor die mens te maak nie, watter uitkomst kan ons dan wel van hierdie soort navorsing verwag? Is dit hoegenaamd sinvol om empiriese navorsing te doen as ons in elk geval net met sosiale konstruksies te doen het? Die volgende lys wil aandui watter uitkomst navorsing wat sosiaal-konstruksionisties werk, wel kan oplewer.

1. Met verwysing na twee boeke oor sosiale konformiteit en gehoorsaamheid onderskeidelik, sê Gergen (1999a) dat dit in die eerste plek *verdere nadenke en debat stimuleer*:

Neither of these inquiries proved anything about social life; they do not necessarily demonstrate anything about either conformity or obedience ... However, in the hands of these scholars, the data dramatically succeeded in bringing provocative ideas about human interaction to life, thus generating debate and dialogue (Gergen, 1995a).

2. Narratiewe navorsing ondersoek hoe die werklikheid binne die samelewing gekonstrueer word, watter magte aan die werk is en watter effek dit het op die

chronologiese lys van gebeure. Dit probeer nie om iemand se lewe te verklaar volgens bepaalde noodwendighede nie, maar gaan na hoedat verandering plaasvind van die begin tot die end (Polkinghorne,1988:117). Die verklarings wat vanuit 'n narratiewe blik op lewensiklus gemaak word, is meer immanent tot die verhaal as wat dit poog om universeel te wees. Algemene afleidings moet baie versigtig gemaak word.

6. Narratiewe navorsing maak dit moontlik dat **beter stories** (Pocock, 1995a) of **voorkeurstories** (Freedman & Combs, 1996) gekonstrueer kan word. Net soos narratiewe terapie ten doel het om gespreksgenote te help sodat hulle dikker en ryker beskrywings van hulle eie verhale te konstrueer, het narratiewe navorsing dit ten doel om deel te neem aan die sosiaal-konstruksionistiese proses waarin alternatiewe verhale gekonstrueer word. Narratiewe navorsing begin met probleemverhale en eindig met nuwe verhale wat weer voortgaan. Die doel van narratiewe navorsing is dat hierdie nuwe verhale meer in lyn sal wees met 'n werklikheid wat diegene wat die verhale konstrueer, sou verkies.

Die oomblik as ons egter van beter verhale of voorkeurverhale begin praat, bring dit die tema van normering na vore.

## 5. NORME EN VERWAGTINGS IN 'N NARRATIEWE

### BENADERING

Gergen (1999a) dui aan dat daar in 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering nie vaste idees is oor hoe die toekoms behoort te lyk nie. Inherent aan hierdie benadering is daar egter bepaalde waardes wat 'n invloed het op die verwagting van 'n goeie lewe. Navorsers wat met 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering werk, neig om voorkeur te verleen aan teorieë en praktyke wat die volgende vertoon:

- kommunalisme/gemeenskaplikheid word verkies bo individualisme
- interafhanklikheid word verkies bo onafhanklikheid
- deelnemende besluitneming eerder as hiërargiese gesagstrukture
- integrasie van die gemeenskap eerder as die verdeling of fragmentering daarvan.

Ek is van mening dat dit wetenskaplik verantwoord is om hierdie waardevoorkeure op die tafel te sit en daaroor na te dink: is dit die waardes waarmee ek as pastorale terapeut kan identifiseer? In hoofstuk twee word onder meer verder gekyk na 'n Bybels verantwoorde siening van die self en sal norme weer ter sprake kom. Ook in hoofstuk 4 en 5 waar daar gekyk word na die ontdekking en ontwikkeling van stories, sal norme weer ter sprake kom. Die tema van gemeenskap eerder as individualisme en onafhanklikheid, is belangrike temas wat tans in die prakties-teologiese besinning oor pastorale sorg heelwat aandag kry (Gerkin, 1997; Goodliff, 1998)

## 6. KRITIESE REFLEKSIE TUSSEN PASSIVISME EN

### AKTIVISME

In hierdie studie word deelgeneem aan die gesprek oor die praktyke van die kerk en dan spesifiek die pastorale praktyk. In hierdie besinning is dit nodig om deur te stuur tussen twee uiterstes in benadering, naamlik passivisme aan die een kant en aktivisme aan die ander.

In gereformeerde teologie soos ek dit ervaar, sou dit maklik wees om die tradisie bloot voort te sit, sonder om dit krities te bevraagteken. Die teologiese metode by voorkeur is 'n hermeneutiese benadering, wat daarna streef om die geloofstradisie te verstaan en voort te sit. So 'n benadering neig om min kritiek uit te spreek en dit sou maklik as passivisme gesien kon word. Die hermeneutiese filosofie van H-G Gadamer (1975) wys uit hoedat nadenke altyd plaasvind as deel van 'n voortgaande tradisie. Hy noem hierdie voortgaande tradisie die "*Wirkungsgeschichte*" van 'n teks. Nuwe interpretasies vind plaas as deel van die voortgaande lees en voortdurend nûut lees van 'n teks. Die tradisie is lewend en deur die nuut lees van tekste, bly dit relevant. Kritiek wat op Gadamer uitgespreek is, veral in die debat wat plaasgevind het tussen hom en Habermas, is dat sy siening te konserwatief is. Die tradisie word bloot voortgesit en daar is nie genoeg kritiese besinning daarvoor nie. Die belang van Gadamer se nadenke is dat dit uitwys hoedat ons voorveronderstellings altyd op die spel is in die proses van verstaan, dat dit die toegang tot 'n teks is, dat dit onmoontlik is om sonder sekere verwagtings en veronderstellings na 'n storie te luister. Die probleem met sy denke is dat dit mag lyk of dit onmoontlik is om genoeg afstand teenoor die tradisie te verkry om krities daarteenoor te staan. Ek beleef die narratiewe benadering as 'n belangrike

korrektief op die hermeneuties konfessionele benadering wat in die NG-Kerk domineer (Wolfaardt, 1992:6, soos aangehaal in Hestenes, 1996:16).

Aan die ander kant van die spektrum is daar teologiese aktivisme, wat uitsluitlik wil fokus op die verandering van huidige praktyke. Teologie van bevryding en feministiese teologie is voorbeelde van teologiese besinning wat 'n agenda van kritiek het teenoor die tradisie en soos wat dit neerslag vind die huidige praktyke.

'n Belangrike tema vir hierdie navorsing is die vraag oor die meta-narratiewe wat aan die pastoraal terapeutiese self vorm gee en dit beïnvloed: dra dit by tot beter terapie of nie, wat is die invloed daarvan op die konstruksie van die pastoraal terapeutiese selfnarratiewe, en wat is die invloed daarvan op sy/haar persoonlike lewe afgesien van die professionele? Die groot narratiewe soos dit uit die teologie, kerklike tradisie en verwagtings van gespreksgenote, gemeentes en kerkrade na vore kom, help dit of hinder dit? Maak die "common sense" oor die pastorale terapeut "good sense"?

Narratiewe terapie en narratiewe besinning oor pastorale terapie kan nie anders as om krities na te dink oor die meta-narratiewe wat in die samelewing aan die werk is nie. Teologiese besinning het ook 'n kritiese funksie om te vervul. Dit is in die aard van die Evangelie dat dit 'n bevrydende funksie vervul en die teologie en kerk moet getrou wees aan hierdie eie aard van die Evangelie. Indien die teologie nie daarin slaag om die vraagstukke van die wêreld aan te spreek nie, verloor die teologie en kerk sy geloofwaardigheid en plek in die samelewing:

Will the fatal problems of mankind at the end of the century be apprehended and solved in continuity with the critical and liberating tradition of the gospel, or will this and the coming generations, through the default of the churches and theologians enclosed within their own sects, nourish their hopes of life and justice from other sources which seems to them less corrupt and more accessible?" (Moltmann, 1974:9).

Moltmann (1974:7) se siening dat dit in kritiese teologiese besinning oor die *identiteit* en *relevansie* van die kerk gaan, help ons om die funksie van kritiese besinning te formuleer. Die fokus van kritiese nadenke in narratiewe terapie en ook in hierdie studie val op die meta-narratiewe wat aan die samelewing aan die werk is. Kritiese nadenke sou ook op ander sake soos byvoorbeeld die sosiale en politieke strukture van die gemeenskap kon fokus, maar dit is eie aan die narratiewe benadering om krities na te dink oor die meta-narratiewe wat die verhare van 'n gemeenskap informeer. Indien ons dit ernstig neem dat

narratiewe die grondstof is aan die hand waarvan mense hulle werklikheid verstaan en struktureer, is die meta-narratiewe 'n sinvolle fokus vir kritiese nadenke. Die kritiese nadenke behoort op meer as een vlak plaas te vind, en wel sodat nagedink word watter invloed die meta-narratiewe wat vanuit die geloofsgemeenskap en ook vanuit die breër samelewing kom, op die identiteit en die relevansie van die pastorale terapeut het.

- Daar behoort kritiese selfrefleksie te wees om na te gaan of die ideaalbeelde vanuit die *teologie en kerklike tradisie* sinvol en helpend is, en veral of dit getrou en Bybels verantwoord is. Die tradisie waarbinne ons funksioneer moet bekyk word. Hierdie selfrefleksie gaan oor die identiteit van die pastorale terapeut. Moltmann (1974:7) dui aan dat blote vashou aan tradisionele dogmas kan verhinder dat die kerk en teologie 'n relevante stem vir die tyd waarbinne dit funksioneer, kan wees: *"The more they attempt to assert their identity in traditional dogmas, rights and moral notions, the more irrelevant and unbelievable they become."* Identiteit kan nie behou word deur bloot vas te hou aan bestaande sienings nie.
- Kritiese refleksie beteken vir my ook dat oorweeg word of die wyse waarop daar vandag oor die pastorale terapeut gedink word, nog *relevant* is. Stel dit die pastorale terapeut in staat om die postmoderne gespreksgenoot in sy/haar leefwêreld te ontmoet?
- Daar moet ook krities gekyk word of die "*common sense*" van die samelewing nie bloot oorgeneem word en dat dit die pastorale identiteit van terapeut in gedrang bring nie. In kritiese refleksie moet daar gewaak word teen die tirannie van die "*common sense*" (Gerkin, 1991b:63).
- Kritiese selfrefleksie hou laastens ook in dat gekyk word na die sinvolle *integrasie* van die samelewing se meta-narratiewe en die van die geloofsgemeenskap. Integrasie is 'n belangrike tema in hierdie navorsing, en dit poog om die relevansie van die pastorale terapeut te verhoog. Dit help egter nie as die strewe na relevansie die pastorale identiteit verdring nie, en daarom moet daar ook oor integrasie en integriteit nagedink word.

## 7. TEOLOGIESE OORWEGINGS

### 7.1 NARRATIEWE TEOLOGIE

"Narrative or story is a means of expression uniquely suited to theology" (McClendon, 1974:188 soos aangehaal in Goldberg, 1982:11). In die Bybel is die mees algemene vorm van uitdrukking die narratief, God word verstaan deur die verhale wat oor Hom vertel word (Brueggemann, 1996). Rossouw (1995:82) dui aan dat die narratiewe benadering by uitstek geskik is om teologie te laat grondvat in 'n postmoderne werklikheid, omdat dit gelowiges in staat stel om hulle eie verhale in verband te bring met die groot verhale van die Bybel. Dit staan in kontras met 'n modernistiese benadering wat eensydig fokus op rasionele verstaan van die Bybelse verhale en nie daarop om 'n spiritualiteit vir die hele mens te ontwikkel nie.

Hauerwas & Jones (1989:5) is van mening dat 'n narratiewe benadering in die teologie nie beperk is tot 'n onderafdeling van eksegeese of andersins maar net 'n verbygaande mode is nie, maar "... it is a crucial conceptual category for such matters as understanding issues of epistemology and methods of argument, depicting personal identity, and displaying the content of Christian convictions." Die oplewing in belangstelling in narratiewe en 'n narratiewe benadering tot die teologie word deur baie gesien as 'n oplossing van probleme soos rasionalisme of objektivisme wat die invloed van die Verligting in die teologie weerspieël (Hauerwas & Jones, 1989:1). Hulle wys daarop dat verskillende narratiewe benaderings op verskillende wyses en met verskillende doeleindes in die teologie gebruik word:

... to explain human action, to articulate the structures of human consciousness, to depict the identity of agents (whether human or divine), to explain strategies of reading (whether specifically for biblical texts or as a more general hermeneutic), to justify a view of the importance of "story-telling" (often in religious studies through the language of "fables" and "myths"), to account for the historical development of traditions, to provide an alternative to foundationalist and /or other scientific epistemologies, and to develop a means for imposing order on what is otherwise chaos (Hauerwas & Jones, 1989:2).

Goldberg wys daarop dat narratiewe die primêre gegewe is waarmee daar in teologie gewerk word: "... the religious convictions which are at the heart of theological reflection

*depend on narrative for their intelligibility and significance"* (Goldberg, 1982:12). Hiermee bedoel Goldberg dat die Bybelse narratiewe aan alle dogma voorafgaan en dat alle sistematiserings in teologie gebou is op narratiewe as die primêre verhale oor God en die mense. Narratiewe neem nie die plek van dogma in nie, maar is die voedingsbron van waaruit dogma geformuleer word.

Dit is duidelik dat 'n narratiewe benadering in die teologie oor 'n wye front aangewend word. In hierdie studie word die narratiewe benadering veral op die volgende gebiede gebruik:

- Om outobiografiese vertellings te benut vir die bestudering van die self by pastorale terapeute (hoofstukke 1, 4 en 5)
- Besinning oor die hantering van etiese vraagstukke in pastorale gesprekke (hoofstuk 5),
- Die narratiewe benadering skep by uitstek 'n wyse waarop selfnarratiewe dikker en ryker beskryf kan word deurdat die groot verhale van die Christelike geloofstradisie in individuele selfnarratiewe geïnkorporeer word (hoofstuk 4 en veral 5).

### **7.1.1 Die groot Verhaal van God en ons verhale**

Die opstel van H. Richard Niebuhr *The story of our life* (1989 (herdruk van die oorspronklike opstel van 1941)) is een van die belangrikste bydraes tot die herontdekking van die belang van narratief vir die teologie (Hauerwas & Jones, 1989:5). In hierdie essay argumenteer hy dat die prediking van die vroeë kerk nie 'n argument vir die bestaan van God was of 'n oproep om die voorskrifte van die gewete te volg nie. Inteendeel:

It was primarily a simple recital of the great events connected with the appearance of Jesus Christ and a confession of what had happened to the community of the disciples. Whatever it was that the church meant to say, whatever was revealed or manifested to it, could be indicated only in connection with a historical person and events in the life of his community (Niebuhr, 1989:21).

Ten spyte daarvan dat herhaalde pogings deur die eeue aangewend is en steeds aangewend word om die boodskap van die Christendom in algemene metafisiese of etiese kategorieë vas te vang, is die kern van die belydenis van die Christendom steeds hoofsaaklik uitsprake oor gebeure. Hiervan is die 12 Artikels 'n sprekende voorbeeld (Niebuhr, 1989:22). Geloofsuitsprake is nie alleen uitsprake oor historiese gebeure nie, maar is ook uitsprake

wat in 'n bepaalde historiese konteks gemaak word. Mense wat oor God praat, doen dit as historiese wesens wat nie op 'n ander manier kan praat nie as op historiese wyse: "*We are in history as the fish in water and what we mean by revelation of God can be indicated only as we point through the medium in which we live*" (Niebuhr, 1989:24). Die verhale oor God en die mense, soos wat dit in die Bybel opgeteken staan, maar ook soos wat dit vandag afspeel wanneer mense hierdie verhale betrek op hulle eie lewensverhale, is die basis van die Christelike geloof, en nie dogmas of metafisiese sisteme nie (Niebuhr, 1989:23; vergelyk ook Ford, 1989:194).

Müller (1996:173 e v) sluit by hierdie tema aan wanneer hy sê dat daar in pastoraat 'n samekoms moet plaasvind tussen die verhale van God en die mense en gespreksgenote se persoonlike verhale. Die verhale van mense moet in verband gebring word met die Groot Verhaal van God. Dit gebeur egter net suksesvol wanneer die pastor se eie verhaal en die Groot Verhaal van God ineengevleg is (Müller, 1996:174). Narratiewe teologie help ons om, vanuit die nadenke oor die wesenlike narratiewe aard van die Christelike geloof, verhale met mekaar in verband te bring, en dan spesifiek die groot verhale van die Christelike geloofstradisie met mense se persoonlike verhale. Crites (1989:71) se bespreking van sakrale stories is van belang in die nadenke oor die wyse waarop die groot verhale van die Christendom die individuele verhale van mense informeer. Hy meen dat mense deur die sakrale verhale gevorm word, eerder as dat hulle self die sakrale verhale skep: "*(Yet) every sacred story is creation story: not merely that one may name creation of the world and self as its 'theme' but also that the story itself creates a world of consciousness and the self that is oriented to it*" (Crites, 1989:71). In hierdie navorsing wil ek dan ook kyk na die wyse waarop die groot verhale vanuit die Christelike geloofstradisie die selfnarratiewe van pastorale terapeute informeer. As Crites se stelling hierbo waar is, behoort hierdie verhale 'n fundamenteel vormende invloed op hulle selfnarratiewe te hê, al sou dit nie altyd bewus en op die oppervlak wees nie.

## **7.2 PRAKTIES-TEOLOGIESE INVLOEDE EN OORWEGINGS**

### **7.2.1 Browning en 'n narratiewe benadering**

Don Browning (1991:36) sien die taak van praktiese teologie as "*critical reflection on the church's dialogue with Christian sources and other communities of experience and interpretation with the aim of guiding its action toward social and individual transformation.*" Uit hierdie beskrywing is die volgende vir hierdie studie van belang

- Praktiese teologie is kritiese nadenke.
- Praktiese teologie is in dialoog met die Christelike geloofstradisie sowel as ander gemeenskappe waar soortgelyke ervarings voorkom en daarvoor nagedink word.
- Praktiese teologie het transformasie ten doel. Hierdie transformasie raak individue sowel as gemeenskappe.

In die navorsing wat ek aanpak is kritiese nadenke belangrik. Narratiewe terapie sowel as narratiewe navorsing het 'n duidelike kritiese dimensie en die filosofie van Foucault speel in hierdie verband 'n belangrike rol.

Voorts wil ek in hierdie studie in gesprek tree met die Christelike geloofsgemeenskap se siening aangaande die pastorale terapeut. Hierdie gesprek is 'n hermeneutiese sowel as kritiese gesprek. Die gesprek is egter nie alleen 'n gesprek met die Christelike geloofstradisie nie, maar ook met die ervaringsveld van die psigoterapie (en dan veral narratiewe terapie) waar daar baie nagedink word oor wie die terapeut is, oor die invloed van die self op die terapeutiese verhouding sowel as die invloed van terapeutiese werk op die persoon van die terapeut. Uit hierdie veld kan ons heelwat leer, al is dit nie presies dieselfde werk en omstandighede nie.

Die navorsing loop uit op die ontwikkeling van nuwe stories wat hopelik kan bydra tot 'n gesprek wat 'n transformerende rol sal speel in die selfnarratiewe van pastorale terapeute en moontlik ook in die metanarratiewe oor pastors en pastorale terapeute.

Browning is van mening dat alle teologiese besinning prakties moet wees, in die sin dat dit daarop gerig moet wees om die praktyk te transformeer. Wanneer die oorgelewerde praktyke en interpretasies nie meer in 'n bepaalde konteks werk nie, as daar spanning kom tussen die eise van die praktyk en die bestaande praktyke, poog prakties-teologiese nadenke om 'n rekonstruksie van die praktyke en beskouings te weeg te bring (Browning, 1991:10). Hierdie is 'n hermeneutiese proses van interpretasie en herinterpretasie (Browning, 1991:11).

Praktiese teologiese besinning, soos Browning dit uiteensit, het sterk bande met narratiewe teologie. Die buitenste omhulsel waarbinne die prakties-teologiese nadenke plaasvind, is die oorgelewerde verhale en praktyke van die Christelike geloofsgemeenskap: "... *practical reasoning is always tradition-saturated*" (Browning, 1991:11). Die buitenste omhulsel van teologie is 'n narratiewe omhulsel, omdat dit die verhale bevat waarin die ideaalbeelde, die groot narratiewe en geloofsaannames van die Christelike geloofsgemeenskap gedra word.

Practical reason is always surrounded by images of the world that are grounded in faith assumptions. Narratives and metaphors carry these faith assumptions. Some are vague, almost imperceptible. Others are explicit and clearly articulated. Christianity has an explicit narrative tradition that constitutes the envelope for a core model of practical reason (Browning, 1991:11-12).

Praktiese nadenke is multi-dimensioneel. Benewens hierdie buitenste omhulsel van narratiewe het praktiese nadenke ook die dimensies van die konkrete, praktiese situasie waaruit die besinning na vore kom, en 'n kern van etiese besinning waarin die liefdesgebod prominent behoort te figureer. Die buitenste omhulsel van die verhale en beelde van die Christelike geloofstradisie is 'n belangrike deel van die multi-dimensionele aard van prakties-teologiese besinning. " ... *religious narratives and metaphors can function to enliven, energize, liberate, and make more effective the workings of practical reason*" (Browning, 1991:10).

#### 7.2.1.1 Browning se vier bewegings en hierdie navorsingsaanpak

Praktiese teologie kom uit die praktyk en loop uit op die praktyk. Browning (1991:7) beskryf die verloop van praktiese teologisering as 'n proses "*from practice to theory and back again*". Dit begin met vrae of probleme wat gevorm is deur die sekulêre en godsdienstige praktyke waarin die teoloog staan en wat om verdere besinning vra (Browning, 1991:6). Hierdie praktiese vrae loop uit op teoretiese besinning, wat uiteindelik neerslag vind in 'n nuwe praktyk. Hierdie proses van praktyk na teorie na praktyk hou nooit op nie: "*Religious communities go from moments of consolidated practice to moments of deconstruction to new, tentative reconstructions and consolidations. Then a new crisis emerge and the community must launch into the entire process once more*" (Browning, 1991:6). Die aansprake van navorsing oor bepaalde vrae en probleme is dan ook nie om tydlose en universeel-geldige uitsprake te maak nie, dit is veel meer beskeie as dit. Navorsing is deel van 'n voortgaande gesprek waarin die einde van die een stuk navorsing die begin van die volgende is. Dit stem ooreen met die siening van Gergen (1999a) dat die uitkoms van sosiaal-konstruksionistiese navorsing die stimulering van voortgaande gesprek is, eerder as tydlose en vaste waarhede.

Browning (1991:7) maak dit duidelik dat die proses waardeur praktiese teologie gaan van praktyk, na teorie en terug na die praktyk, 'n komplekse proses is: "*To think and act practically in fresh and innovative ways may be the most complex thing that humans ever*

*attempt.*" Die proses van praktyk na teorie na praktyk is nie een waar daar nie in die praktyk waarmee begin word geen onderliggende teorie bestaan het nie. Praktyk het altyd 'n onderliggende teorie, al is dit nie eksplisiet geformuleer nie. Die proses van prakties-teologiese besinning hou in dat die normatiewe in die teorie-gelaaide praktyk uitgehaal en bereflekteer word, en dat daar dan beweeg word na 'n meer krities deurdagte praktyk.

Verder is Browning (1991:8) van mening dat praktiese nadenke die sentrale wyse van menslike denke is. Alle teoretiese besinning kom uit die praktyk en is ook weer gerig op die praktyk. Daarom sê Browning dat alle teologie wesenlik praktiese nadenke is. In hierdie praktiese nadenke onderskei hy dan vier sub-bewegings in die teologie, naamlik 'n beskrywende, 'n historiese, 'n sistematiese en strategiese praktiese beweging.

#### 7.2.1.1.1 *Deskriptiewe beweging*

Die beskrywende beweging van strategiese praktiese nadenke poog om 'n analise van die horison te maak waarbinne die vraagstuk na vore kom. Dit vra na die horison van kulturele en godsdienstige betekenis wat die praktyk omring (Browning, 1991:47). Dit beskryf die huidige teorie-belaaide praktyk waarbinne die vrae na vore kom. Die vraag in die deskriptiewe beweging is na hoe ons die konkrete situasie waarbinne ons moet optree, verstaan (Browning, 1991:55). Browning (1991:58) gebruik die term *dik beskrywings* om aan te dui dat die deskriptiewe beweging moet poog om verskillende perspektiewe op die vraagstelling weer te gee. Hierdie verskillende perspektiewe kom uit verskillende wetenskaplike dissiplines en ook van verskillende mense met verskillende situasies en belewenisse van die saak.

Ek stem saam met Browning (1991:27) wanneer hy sê: "*For some years I had thought that writers in pastoral care (or poimenics) needed more time studying what pastors and congregations actually do in addition to making proposals about what they ought to do.*" (Kyk ook Blanchette, 1991a:19.) In hierdie studie gee ek uitvoerig aandag aan die praktyk van my gespreksgenote se werk en lewens. Die probleemverhale wat in hoofstuk 1 ter sprake was, kom uit die praktyk van my eie pastorale werk en uit dit wat die gespreksgenote aandui as sake wat vir hulleself problematies is. Derhalwe is die temas wat verder in die studie bespreek word, temas wat uit die praktyk opkom. In die bespreking van hierdie temas word daar deurgaans gekyk na wat die gespreksgenote oor hulleself sê.

Die deskriptiewe beweging in hierdie narratiewe navorsingsaanpak vind verder neerslag in die nagaan van die beskrywing van die pastorale terapeut se rol in kontemporêre literatuur

oor die pastorale terapeut. In die deel wat gaan oor storie-ontdekking kom baie tereg van wat Browning die deskriptiewe beweging noem.

#### 7.2.1.1.2 Die historiese beweging

In die historiese beweging (Browning, 1991:49) kyk ek na normatiewe tekste wat deel is van die Christelike geloofstradisie. Dit is 'n hermeneutiese proses wat deel uitmaak van die taak van storie-ontwikkeling in hierdie navorsing. In hoofstuk 4 is daar derhalwe ook 'n bietjie eksegetiese navorsing en 'n historiese blik op die ontwikkeling van die idee van die pastor. In hierdie deel van die navorsing kyk ek na die volgende temas wat met die historiese beweging verband hou:

- Die konsep *therapeia* .
- Die konsep *pastor*.
- Die belang van die gawes van die Heilige Gees.
- Die herwinning van die pastorale .
- Die formalisering en invloed van die amp.

Hierdie konsepte maak alles deel uit van die storie-ontdekking. Dit gaan hier om 'n kykie na die groot narratiewe wat die pastorale terapeut se selfnarratiewe informeer.

#### 7.2.1.1.3 Die sistematiese beweging

In die sistematiese beweging van strategiese praktiese teologie "*... is the fusion of horizons between the vision implicit in contemporary practices and the vision implied in the practices of the normative Christian texts*" (Browning, 1991:51). Die sistematiese beweging poog om 'n omvattende oorsig oor die huidige situasie te verkry om die groot, omvattende temas in ons huidige praktyke te begryp. Dit bring hierdie temas dan in verband met ooreenstemmende temas in die teologie. "*The systematic character of this movement comes from its effort to investigate general themes of the gospel that respond to the general questions that characterize the situations of the present*" (Browning, 1991:51). Hierdie beweging maak deel uit van die groter praktiese raamwerk van strategiese praktiese nadenke, in die sin dat dit die groot verhale van die Christelike geloofstradisie in verband bring met die kontemporêre situasie en die vrae wat daaruit na vore kom. Die sistematiese beweging soek na 'n nuwe horison van betekenis wat in die taal van die huidige situasie verwoord is (Browning, 1991:51).

Verder is dit die taak van die sistematiese beweging om te vra na die geldigheid van nuwe wyses van verstaan en nuwe strategieë (Browning, 1991:52). Dit is die taak van teologiese etiek om hierdie kriteria te ontwikkel waarmee die geldigheid van die praxis getoets kan word. Browning (1991:194-109) ontwikkel vyf dimensies vir praktiese morele refleksie waarmee die geldigheid van die *praxis* getoets kan word:

1. Die visie-dimensie vra die vraag of 'n *praxis* voldoen aan die visie vir wat goed en reg is soos wat dit gedra word in die normatiewe verhale van die Christelike geloofsgemeenskap. Die narratiewe strukture waarin die morele beginsels gedra word, is onlosmaaklik verbind aan die idee van wat goed is. Die verhale dra die visie (Browning, 1991:102).
2. Die verpligtende dimensie dui die algemeen geldige morele beginsels aan wat vervat is in die breedste morele beginsels soos die opdrag om jou naaste lief te hê. Browning verwys in hierdie verband na Im. Kant en die Utilitariste se etiek en die beginsel dat die maatstaf vir wat as eties goed kan geld, die algemene toepasbaarheid en die algemeen goeie uitkoms daarvan is (Browning, 1991:99-100).
3. Morele nadenke moet ook die etiek implisiet in teorieë oor die menslike natuur in ag neem. Browning (1991:106) is van mening dat ons altyd behoeftes en tendense van individue en ook tussen persone (soos wat dit neerslag vind in die kultuur waarbinne mense leef), organiseer en afweeg teen mekaar. Die teorie van Maslow wat onderskeid maak tussen basiese behoeftes soos dié aan kos, water, warmte, skuiling en seks en die selfaktualiseringsbehoefte is byvoorbeeld 'n manier waarop behoeftes georden word, en morele oordeelsvorming moet hierdie tendense in ag neem. Browning (1991:106) praat daarom van die tendens-behoefte dimensie van praktiese morele oordeelsvorming.
4. Die omgewings-sosiale dimensie van praktiese morele oordeelsvorming neem die grense in ag waarbinne die *praxis* moet funksioneer. Enige *praxis* raak ook die omgewing en ander mense, en die invloed daarvan op die omgewing en die samelewing moet beoordeel word (Browning, 1991:106).
5. Die rol-reël dimensie van moraliteit gaan oor die reëls wat in 'n samelewing geld en wat gewoonlik 'n groot invloed het op mense se gedrag en hulle idee van wat eties korrek is. Browning (1991:105) is van mening dat hierdie reëls en die sosiale rolle

wat daarmee saamgaan, belangrik is vir prakties morele oordeelsvorming, en dat dit die konkrete manifestasie is van implisiete en eksplisiete aannames oor wat eties goed is.

In hierdie navorsing vind die sistematiese beweging veral neerslag in hoofstuk 3 waar dit gaan oor die kritiese korrelasie tussen beskouings oor die self in die narratiewe benadering en die beskouings van die self in teologie.

#### 7.2.1.1.4 Die strategiese beweging

Die strategiese beweging gee moontlikhede vir norme en praktyke vir verdere praxis. In hierdie narratiewe benadering word dit gedoen in hoofstuk 5 waarin nuwe stories ontwikkel word. Om strategiese praktiese teologie te wees, is die volgende nodig:

1. Begrip vir die konkrete situasie, die groot narratiewe wat die situasie informeer en die invloed van instellings en sisteme op die situasie
2. Die vraag moet gevra word: wat behoort die *praxis* in hierdie situasie te wees? Of, in meer narratiewe taal: Wat sou 'n beter storie kon wees in hierdie situasie? Die norme wat na vore kom uit die historiese en sistematiese bewegings, word hier in verband gebring met die konkrete situasie.
3. Die strategiese beweging moet verder die vraag vra na die geldigheid van die norme vir die nuwe *praxis*. Die vyf dimensies wat Browning voorstel vir praktiese morele oordeelsvorming word toegepas op die situasie om te beoordeel of die nuwe praktyk die toets kan deurstaan dat dit 'n goeie nuwe praktyk is.
4. Laastens vra dit ook die vraag na die strategieë wat in hierdie konkrete situasie gevolg kan word om dit te transformeer.

Browning se vier bewegings is hier volledig behandel omdat dit vir ons 'n idee gee van hoe om 'n vraagstuk volledig en met teologiese integriteit aan te spreek. Sy aanpak word, soos aangedui, nie slaafs nagevolg nie, maar dit dien as 'n bykomende maatstaf om in hierdie navorsing, wat op narratiewe wyse te werk gaan, volledig prakties-teologies te bly.

### 7.2.2 Drie stemme (Pattison)

'n Tweede praktiese teoloog wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die formaat van hierdie studie is Stephen Pattison se idee van 'n drie-rigting kritiese gesprek (Pattison, 2000:136 e.v.). Die eerste uitspraak van Pattison waarmee ek sterk identifiseer is dat teologie

*kontemporêre nadenke* moet wees. Daarmee bedoel hy dat teologie poog om een of ander spesifieke vraagstuk wat in die huidige situasie relevant is, te verstaan.

... what unites all theology is its quest for adequate and true responses to the realities of human and religious experience. Good theology is dynamic, searching and open ended. Some of the most influential theology ever written has been a response to urgent pastoral situations (e. g. that of St Augustine) and it has been characterized by a willingness to really try and listen to and understand present realities rather than to regurgitate the answers of the past (Pattison, 2000:137).

Pattison (2000:137) wys verder op die pluraliteit van teologiese ondersoek, wat beteken dat daar geen finale vorm is waarin teologiese ondersoek gegiet móét word nie. Dit is daarom meer korrek om van teologieë in die meervoud te praat as om te probeer vashou aan 'n ideaal van 'n enkele omvattende teologie.

There are all sorts of ways of doing theology which are so different that it sometimes seems that the only thing that unites them is a common claim to be talking about God and religious experience. Theologies work at many different levels and with very different aims, methods and concerns. (Pattison, 2000:137-138).

Daar kan derhalwe nie gesê word dat een teologiese aanpak beter of meer korrek is as 'n ander nie. Wat wel van belang is, is dat die teologiese metode nuttig moet wees vir die onderwerp en die situasie waarbinne teologie beoefen word.

#### **7.2.2.1 Teologie as kritiese gespreksvoering**

Pattison (2000:139) is van mening dat teologiese nadenke met vrug begin kan word deur dit te sien as 'n kritiese gesprek. In hierdie gesprek bevind die teoloog hom/haarself in 'n kritiese gesprek waarin drie stemme gehoor kan word:

1. die teoloog se eie idees, geloofsaannames, emosies, voorveronderstellings en persepsies,
2. die geloofsaannames, voorveronderstellings en persepsies van die Christelike geloofstradisies, en
3. die huidige situasie wat ondersoek word.

In hierdie gesprek word elk van die gespreksgenote deur die ander op kritiese wyse ondervra en elkeen moet die ander leer ken.

Pattison (2000:139-140) gee nie minder nie as 10 redes waarom dit voordelig is om teologiese nadenke as 'n kritiese gesprek te sien. Hieronder bring ek sommige van sy punte in verband met narratiewe navorsing. 'n Gesprek is 'n *konkrete gebeurte* wat aan ons bekend is uit die alledaagse lewe. Hierdie standpunt is volkome in lyn met 'n narratiewe benadering wat uitgaan van die konkrete aard van verhale: verhale word altyd deur iemand aan iemand vertel. Narratiewe navorsing poog nie om abstrakte, universeel geldige waarhede op te dis nie, maar is op die spoor van konkrete verhale en konkrete gesprekke.

- 'n Werklike gesprek is iets lewend wat voortgaan en verander. Die narratiewe benadering lê juis klem daarop dat die gespreksvoerder oop moet wees vir die eiesoortige kinkels en draaie van 'n werklike gesprek. In narratiewe navorsing beteken dit gewoon dat ons nie vooraf weet waar die navorsing ons gaan uitbring nie, maar juis oop is vir die unieke uitkomst wat hopelik in die loop van die navorsing na vore sal kom.
- Deelname aan 'n gesprek vra gewilligheid om te luister en om goeie aandag te gee aan die ander gespreksgenote se standpunte. In hierdie studie weet ons nie vooraf reeds wat die antwoorde en uitkomst van die navorsing gaan wees nie. Die integriteit van die narratiewe benadering lê juis daarin dat dit goed luister na die ander se stories en menings.
- Die uitkoms van 'n goeie gesprek is dat die deelnemers verander word deur hulle deelname aan die gesprek. Hierdie is 'n belangrike punt omdat dit duidelik maak dat die kritiese bevraagtekening nie net in een rigting loop nie, maar dat al die gespreksgenote deur die loop van die gesprek verander. In narratiewe terapie is die terapeut nie die ekspert wat alles weet en nie by sy gespreksgenote iets kan leer nie, en net so is die narratiewe navorser oop om te verander. In die kritiese gesprek word almal geslyp.
- Dit is in die aard van 'n goeie gesprek dat die standpunt van die een nie die ander se menings oorheers nie, of dat almal oor alles saamstem nie. Narratiewe navorsing poog nie om alles in een mooi harmonieuse geheel saam te vat nie. As ons erns maak met verskillende standpunte, moet ons weet dat almal nie op die ou einde

gaan saamstem nie. Van uiterste belang is egter dat almal se standpunte gehoor sal word.

- In gesprekke moet dikwels hard gewerk word om die struikelblokke van stilte, verskille en gebrek aan kommunikasie te oorkom. Daar is dikwels totaal verskillende standpunte en implisiete verskille wat in ag geneem moet word. Standpunte uit die teologiese tradisie kan dikwels nie sommer maklik oorgedra en toegepas word in die huidige situasie nie, omdat daar groot gapings bestaan wat oorkom moet word.

In die teologiese gesprek tussen die navorser se eie voorvrae en voorveronderstellings, die bronne van die Christelike tradisie en die werklikhede van die voorhande situasie, gebeur dit dat elke deelnemer aan die gesprek verander word deur na die ander se menings te luister. Daar behoort 'n dinamiese interaksie te wees wat die proses van navorsing as kritiese gesprek dra (Pattison, 2000:140).

Die gesprek word aan die gang gehou deur die vrae wat voortdurend aan die deelnemers aan die gesprek gevra word. Deur die moeisame proses van kritiese bevraagtekening van die gespreksgenote, word teologiese nadenke daarvan beskerm om onrealistiese en maklike, gladde antwoorde te gee op komplekse vraagstukke en situasies in die moderne konteks. Die vra van vrae help om nuwe perspektiewe na vore te bring wat dik of ryk nuwe beskrywings gee van die werklikheid. Narratiewe navorsing, soos narratiewe terapie, gebruik vrae om komplekse en meer insluitende beskrywings van die werklikheid te gee.

In hierdie navorsing poeg ek om hierdie stemme almal duidelik hoorbaar te maak.

- Ek poog om eerlik te wees oor my vrae, standpunte en belewenisse deur die loop van die kritiese gesprek. In hoofstuk 1 reeds het ek my eie vrae en belange by hierdie studie so duidelik moontlik reeds op die tafel probeer sit, en ook in gesprekke met gespreksgenote het ek my eie belang by hierdie navorsing verduidelik. In die weergee van die navorsing poeg ek ook om die wyse waarop my eie verhaal en vrae die navorsing in 'n rigting stuur, aan te dui as my persoonlike verhaal.
- Ek poog ook om reg te laat geskied aan die huidige situasie deur my gespreksgenote genoegsaam aan die woord te stel. Die stem van die kontemporêre situasie word ook gehoor in filosofiese en psigologiese tekste.

- En dan poog ek ook om die stem van die Christelike geloofstradisie hoorbaar te maak deur teologiese tekste en ook die stemme van my gespreksgenote.

### 7.2.3 Konkreet, prakties en empiries

Brian Childs, in die artikel *Practical to the end* (1998), maak 'n paar opmerkings oor praktiese teologie wat ek meen van belang is vir die aanpak wat ek volg in hierdie studie. Dit gaan daaroor dat praktiese teologie, en dan spesifiek, pastorale teologie, 'n konkrete inslag het wat altyd rekening hou met die konkrete, die empiriese en die praktiese.

First of all, pastoral theology must always be interested in the case, the situation, the particular, which is to say, the empirical. ... To speak of a man is to speak of an abstraction unless that man is seen as having a name, a history that is unique to him, and a community of relationships and meaning that give and help shape his identity. In this sense, the case or the particular is always understood to be in the center of the stage (Childs, 1998:196).

Praktiese teologie het uiteindelik 'n praktiese doel. Dit wil nie bloot beskryf hoe dinge is nie (deskriptiewe doel), of voorskryf hoe dinge behoort te wees nie (normatiewe doel). Praktiese teologie het praktiese kennis ten doel, kennis wat ons vertel hoe om dinge te doen, dit hou sigself besig met kennis wat uit die praktyk, uit die ervaring kom (Childs, 1998:196).

"Its knowledge is derived pragmatically and through the act of practice itself and therefore constitutes a new kind of knowledge. It is the knowledge that comes from learning to care for human beings as well as the rest of God's creation" (Childs, 1998:196).

Prakties-teologiese wysheid is iets anders as tegniese vaardigheid (wat daarvoor gaan om iets te produseer) of kontemplatiewe wysheid (wat poog om insig in beginsels te verkry, maar nie belang het by aksie nie). Praktiese wysheid gaan oor die vermoë om in 'n spesifieke situasie of met 'n spesifieke persoon met wysheid op te tree. Praktiese wysheid gaan oor handeling by die konkrete geval en spesifieke persoon (Childs, 1998: 197). Hierdie wysheid word opgedoen deur betrokkenheid in die praktyk en ook deur deel te wees van 'n gemeenskap van ander praktisyns wat deel het aan 'n tradisie van wat praktiese wysheid inhoud. Die verhoudings waardeur praktiese wysheid gevorm word, sluit ook die verhouding met God in.

Praktiese teologie is egter nie anti-intellektueel nie en mag dit ook nooit wees nie. Dit móét teologiese vrae vra oor die teologiese tradisie waarvan dit deel is. Hierdie vrae moet egter gebaseer wees op verhale wat uit die werklike praktyk kom: "*These questions must, however, be based upon suggestions that come out of our actual practice that have the right to challenge the theological questions for their adequacy. Ideas do not always represent things so well.*" (Childs, 1998:201). Praktiese teologie, met sy fokus op die konkrete en kontingente, is voortdurend oop vir die uitsondering op die reël. Die "wysheid" van prakties-teologiese wysheid is die resultaat van praktiese ondervinding en ondersoek.

#### 7.2.4 Heitink oor die prakties-teologiese ondersoek

G. Heitink (1999) se siening van die prakties-teologiese ondersoek stem ooreen met dié van Childs, Browning en Pattison in die sin dat hy prakties-teologiese nadenke sien as iets wat altyd opkom uit *konkrete* vraagstelling en probleme. Wanneer hy praktiese teologie as 'n krisissetenskap beskryf (Heitink, 1993:14), wil hy daarmee sê dat dit opkom uit probleme wat die kerk ondervind en die behoefte wat daar bestaan aan aanbevelings oor hoe om in die toekoms op te tree.

Uit hierdie konkrete vrae word 'n *handelingsondersoek* gedoen: daar moet (1) 'n hermeneuties-interpretatiewe ondersoek plaasvind en (2) dit moet uitloop op 'n strategiese uitkoms wat handeling bevorder. Die hermeneutiese werk hou in dat die Skrif nuut geïnterpreteer word vir die nuwe situasie (Ebeling, 1961:17). Die hermeneutiese werk wil die brug slaan tussen die situasie van die Skrif en die konkrete situasie waarvoor daar konkrete antwoorde gevind moet word.

Daar moet verder 'n *kritiese korrelasie* plaasvind tussen die geloofstradisie en die kontemporêre situasie waarbinne die pastorale terapeut hom bevind. Hierdie kritiese korrelasie beteken dat die erfenis oor die pastor soos wat dit in die teologie neerslag vind in 'n kritiese gesprek met die kontemporêre nadenke oor die terapeut gebring moet word. Die teologie moet in kritiese gesprek tree met die psigologie. Een van die belangrike oogmerke van die navorsing is om hierdie gesprek te laat plaasvind en moontlik beter integrasie te bewerkstellig. Die vraag sal gevra word of integrasie moontlik is in 'n narratiewe beandering.

Die strategiese uitkomstes van die navorsing raak volgens Heitink (1999) drie domeine:

- die individuele domein waarin gesoek word na strategieë vir die individuele pastorale terapeut,

- die kerklike domein waarin die pastor binne die kerklike konteks beskou word en gekyk word na die rol van die pastorale terapeut en die meta-narratiewe wat 'n invloed uitoefen op die pastoraal terapeutiese self.
- Die publieke domein waarin daar gekyk word na die rol van die pastorale terapeut in die verhouding met ander hulpprofessies en die verhouding van die pastorale terapeut met mense buite die geloofsgemeenskap.

Die aandag aan hierdie drie domeine help sodat daar volledig gewerk word in die strategiese beweging van die ondersoek. In hoofstuk 5 word aan hierdie drie domeine aandag geskenk.

### 7.3 KRITIESE NADENKE IN DIE TEOLOGIE

Ingrypende kritiek op die samelewing is in verlede gelewer vanuit sekulêre filosofieë soos byvoorbeeld Herbert Marcuse se kritiek op behoefteskepping en Weber se kritiek op kapitalisme. Daarteenoor neig gereformeerde teologie in Suid-Afrika eerder om konserverend met die eie tradisie om te gaan as om krities daaroor te reflekteer, en ek moet eerlik wees dat my eie voorkeur eerder is om binne die tradisie te bly. Ek sou myself eerder as 'n hermeneutiese teoloog beskryf as 'n kritiese teoloog. Die narratiewe benadering in terapie dwing die terapeut egter om met 'n kritiese oor te luister na die invloed van die meta-narratiewe op sy gespreksgenote se verhale. Die invloed van Foucault op die narratiewe benadering kan hierin gesien word. Die narratiewe benadering in terapie wil dan ook verhale van individue en groepe na vore bring wat nie noodwendig inpas in die dominante verhale van die tradisie nie, " ... so that they can be part of an effective 'insurrection of subjugated knowledges,' an insurrection that lets people inhabit and lay claim to the many possibilities for their lives that lie beyond the pale of the dominant narratives" (Freedman & Combs, 1996:40).

Teologie het sterk bande met die hermeneutiese tradisie en groot dele van teologie kan nie anders nie as om hermeneuties te werk te gaan. Dit is egter goed om kennis te neem van Habermas se kritiek dat 'n uit en uit hermeneutiese benadering nie voldoende is wanneer ons te doen het met taal wat op sistematiese wyse verwring en gemanipuleer word nie. Bleicher (1980) gee sy kritiek soos volg weer:

This hermeneutic consciousness proves inadequate in the case of systematically distorted communication: incomprehensibility is here the result of a defective organization of speech itself. (...) The area of

applicability of hermeneutics is congruent with the limits of normal everyday speech, as long as the pathological cases are excluded (Bleicher, 1980:191).

Hermeneutiese filosowe wys tereg daarop dat die persoon wat verstaan altyd deel is van die verstaansproses en nooit van 'n objektiewe posisie buite die teks of gesprek verstaan nie. Daar bestaan egter soms in die hermeneutiese benadering 'n bepaalde dogmatisme oor die tradisie waarin die waarheidsaansprake van die tradisie met kennis gelykgestel word. Dit veronderstel dat daar geen sistematiese verwringing van taal en geen magsuitoefening in 'n bepaalde tradisie plaasvind nie. Die realiteit lyk egter anders en noodsaak daarom kritiese refleksie. En alhoewel kritiese denke ook deel is van 'n bepaalde tradisie, maak dit voorsiening daarvoor dat die tradisie en huidige konteks krities bevraagteken kan word (Bleicher, 1980:207-9).

Tracy (1985:36) sê dat teologie ten doel het om 'n wedersydse kritiese korrelasie te bewerkstellig tussen 'n interpretasie van die Christelike tradisie aan die een kant en 'n interpretasie van die kontemporêre situasie aan die ander kant. Dit beteken dat daar twee bronne vir die teologie is, naamlik die Christelike tradisie en die voorhande situasie waarbinne die teologie beoefen word. Conradie (1994:84) is van mening dat daar 'n breë konsensus in nadenke oor teologiese metodologie ontstaan het dat hierdie die twee bronne vir teologie is. Hierdie konsensus is die logiese konklusie van 'n historiese en hermeneutiese verstaan van die teologie:

... although theology is done in terms of the past Christian tradition, it is done in contemporary language and in reaction to present circumstances. It is an interpretation of the Christian traditions in and for the present situation (Conradie, 1994:84).

Dit is van belang dat die korrelasie tussen die Christelike tradisie en die kontemporêre situasie as 'n *wedersydse kritiese* korrelasie gesien word. Dit beteken dat die waarheidsaansprake wat uit die konteks kom, ernstig geneem word, terwyl teologiese refleksie beteken dat die vrae wat uit die konteks kom, herformuleer kan word in die lig van die Christelike tradisie (Conradie, 1994:84). Kritiese nadenke word gevoed uit albei bronne van die teologie: die teologiese tradisie help om die kontemporêre situasie met sy vraagstukke te bevraagteken en die kontemporêre situasie help om die teologiese tradisie te bevraagteken. Kritiese korrelasie hou in dat daar wedersydse bevraagtekening moet kan plaasvind. In die teologiese gesprek moet daar dan ook genoeg ruimte wees dat die gesprek

nie gefikseer word deur vaste dogmas uit die teologie of ideologieë uit die kontemporêre konteks nie. Die term "korrelasie" moet ook nie misverstaan word asof dit beteken dat daar ooreenstemming bestaan nie, dit dui bloot aan dat daar 'n verhouding bestaan, maar nie aan wat die aard van die verhouding behoort te wees nie. Die kritiese korrelasie-model sluit die moontlikheid uit dat teologie maar net 'n herhaling van die dogmas uit die tradisie kan wees (Conradie, 1994: 85).

Van die belangrikste kritiek op die kritiese korrelasie-model gaan oor die vraag of daar werklik *wedersydse* kritiek moontlik is in hierdie model (Vergelyk Berger, 1977; Conradie, 1994; Dulles, 1976; Shea, 1976). Agter hierdie kritiek op die konsep van korrelasie lê die vraag of dit hoegenaamd moontlik is om godsdienstige ervarings uit die konteks van die teologiese religieuse taalwerklikheid te haal en dit in 'n verhouding te bring met meer algemene ervaringskategorieë. Conradie (1994:88, met verwysing na Comstock, 1987:693 en Lindbeck, 1984:193) meen dat dit onmoontlik is sonder dat 'n wesenlike reduksie van die waarheidsaansprake van die Christelike geloofstradisie plaasvind. Dit verander die Christendom in iets wat dit nie is nie. Uiteindelik hou dit in dat die Christendom moet aanpas by die waarheidskategorieë van die konteks. Die ervaringskategorieë waarmee die Christelike tradisie werk, is nie algemeen menslike kategorieë nie, en die waarheidsaansprake van die Christendom kan nie verstaan word in terme van ander konseptuele raamwerke nie.

Die belang van Tracy se model vir hierdie studie lê daarin dat hy teologie sien in terme van die kritiese funksie wat dit het ten opsigte van sowel die eie Christelike tradisie as die kultureel-historiese konteks waarbinne dit beoefen word. Aan die ander kant is dit nie so eenvoudig om die kritiese verhouding tussen Christelike tradisie en huidige konteks te beskryf nie, omdat dit maklik kan beteken dat die Christelike tradisie se waarheidsaansprake ten opsigte van byvoorbeeld die ervaring van God, geloof in bonatuurlike gebeure en norme wat nie wêreld-immanent is nie, eenvoudig as ongeldige kategorieë in terme van die huidige konteks verwerp word.

Conradie (1994:91) wys daarop dat teologie nie slegs in terme van die hermeneutiese funksie daarvan beskryf kan word nie. Teologie se taak is nie slegs om die implikasies van die Christelike tradisie vir die huidige situasie te vertaal nie, dit sou daaraan 'n veels te antroposentriese karakter gee. Teologie moet primêr met God besig wees, omdat dit wesenlik aan die Christelike tradisie is dat dit gaan oor God wat Homself openbaar en dan veral in die persoon van Jesus Christus. Teologie het dus ook 'n doksologiese funksie.

... theology should also deal primarily with God, the knowledge of God and doxologically, the glory and honour of God. (...) However, to formulate theology only as an act of interpretation (...) i. e. an act in which the relevance of the Christian tradition for the human situation is ascertained, could reveal an anthropocentric inclination in theology. In such a case the only focus of theology is on the human being and possibilities for enhancement of human life. *Theology* should, however, not only be concerned with a search for some existential (or political) relevance for humankind. (Conradie, 1994:92-93).

Voorts is 'n hermeneutiese verstaan alleen van die teologie nie voldoende om reg te laat geskied aan die *kritiese funksie* van teologie nie. Dit is ook nodig om aandag te gee aan die bestaan van sistematiese verwrings van taal wat in 'n gemeenskap plaasvind en soos wat dit neerslag vind in beperkende en onderdrukkende praktyke. Teologie behoort ook 'n bevrydende funksie te vervul, om getrou te wees aan die aard van die Evangelie: "*This implies that any theological interpretation must prove its transformative potential in terms of an ethical reflection on praxis itself*" (Conradie, 1994:93). Conradie (1994:96-99) sluit sy nadenke oor 'n nuwe paradigma vir die teologie af met enkele riglyne oor wat as konstantes kan geld in die beoefening van teologie. Hy sien teologie as **kritiese refleksie oor die praxis van die kerk**. Dit vind in die teologie op die volgende maniere neerslag:

- Teologie as *re-fleksie* hou in dat teologie altyd 'n herbedinking is, dit vind nooit plaas as 'n eerste aktiwiteit nie, maar reflekteer oor bepaalde gebeure. Hierdie gebeure word primêr gevind in die *praxis* van die kerk, en kan ook voorafgaande teologiese refleksie wees. Hiermee wil hy ruimte gee vir die hermeneutiese taak van die teologie.
- In soverre as wat teologie refleksie is oor die *praxis van die kerk*, is dit besig met dit wat God in die wêreld doen, die maniere waarop God reddend en vernuwend besig is met die wêreld.

In other words: theology is an attempt to articulate and to critically test the "story" told (implicitly or explicitly) about God in the *praxis* of the church; the story about who God is and what God is doing at this moment in history. It is clear that "what God is doing" will differ in different times and places (Conradie, 1994:97).

- Teologie is laastens ook *kritiese refleksie*. Die eerste vraag in kritiese refleksie is die vraag of die God van wie die kerk in die huidige konteks getuig, dieselfde God is wat Homself in die Bybel openbaar. Die kritiese funksie van teologie is om die praktyk van die kerk te toets aan die Bybel, " ... *to compare the witnesses of the present church to the picture of God portrayed in the Bible*" (Conradie, 1994:98).

Kritiese refleksie in die teologie moet egter ook meer doen as dit: dit moet ook in gesprekke met ander lewensterreine (soos in akademiese of politieke gesprekke) 'n kritiese stem laat hoor. Ek is van mening dat nóg die kritiese korrelasie model nóg 'n hermeneutiese benadering in die teologie voldoende reg laat geskied aan die doksologiese, hermeneutiese en die kritiese funksie van teologie. Daarenteen maak 'n narratiewe benadering in die teologie moontlikhede oop vir teologie om sowel sy hermeneutiese, doksologiese as kritiese funksie kan vervul.

### 7.3.1 'n Narratiewe benadering as kritiese teologie

'n Narratiewe teologiese benadering maak erns met die verhale in die Bybel. Dit verstaan die Bybel as verhale oor God en verhale waarin God homself openbaar. Dit neem die verhale van die Bybel ernstig in hulle konkrete kontingensie as verhale waarin nuwe dinge oor God en mense gehoor kan word. Narratiewe teologie poog bewustelik om nie ander konseptuele kategorieë op die verhale oor God en die mense af te druk nie, maar om dit in terme van hulle eie taalwerklikheid te verstaan. (Die breër rasionaliteit waarvoor daar ruimte is in 'n (postmoderne) narratiewe benadering, gee ruimte daarvoor dat verhale oor God op hulle eie terme verstaan kan word sonder dat dit gereduseer word aan die hand van 'n modernistiese, eng rasionele wetenskapsbeskouing.) 'n Narratiewe benadering wil, deurdat dit die verhale oor God ernstig neem, erns maak met die **doksologiese funksie** van teologie.

Narratiewe teologie maak erns met die Christelike geloofstradisie waarbinne die verhale oor God voortgedra word. Ons kan ons nie losmaak van die tradisie asof ons daarbuite staan nie. Teologie word beoefen as deel van die voortgaande verhaal van God met die wêreld. Narratiewe teologie gaan oor storie-ontdekking en storie-ontwikkeling. Die tradisie moet gehoor en voortgesit word. Narratiewe teologie maak erns met die **hermeneutiese funksie** van teologie.

Narratiewe teologie wil egter ook 'n **kritiese funksie** vervul ten opsigte van die meta-narratiewe wat in die Christelike tradisie, die *praxis* van die kerk en die kontemporêre

situasie aan die werk is. 'n Narratiewe benadering weet dat die werklikheid verstaan en beleef word in terme van taalwerklikhede en dat taal 'n werklikheid op 'n bepaalde manier konstrueer. In hierdie konstruksie van 'n taalwerklikheid word sekere **sienswyses** bevoordeel en ander benadeel, daar bestaan 'n hiërargie van waarheid waarvolgens sekere uitsprake as meer werd en ander as onbelangrik gesien word. In so 'n taalwerklikheid word sekere **mense** bevoordeel en ander benadeel. Narratiewe teologie **soek na vergete en onderdrukte wysheid** wat nuwe perspektiewe kan bring op die werklikheid. Dit wil die meta-narratiewe wat verhoudings en beskouings bepaal, oopdek en bevraagteken.

Levine (1992) is van mening dat 'n suiwer sosiaal-konstruksionistiese benadering nie krities genoeg is nie. Dit werk goed om aan te toon watter kragte aan die werk is in die konstruksie van die self, maar het nie die meganismes om werklike veranderinge aan te bring nie. "*It can only show that what seems natural and permanent is in fact a human construction, and therefore changeable*" (Levine, 1992:3). Hy is ook van mening dat 'n suiwer sosiaal-konstruksionistiese benadering nie in staat is om voldoende aandag te gee aan waardes oor die self of om kritiek te lewer op sosiale verskynsels nie (Levine, 1992:3). 'n Narratiewe benadering het egter 'n meer kritiese inslag en werk nie soveel beskrywend nie.

Die kritiese funksie van 'n narratiewe benadering is nie alleen op die teologie en die *praxis* van die kerk gerig nie, maar ook op die konteks waarbinne die kerk bestaan en teologie beoefen word. Dit beteken dat narratiewe teologie nie alleen die kontemporêre situasie sien as een van die twee bronne vir teologie nie, maar dat dit ook 'n kritiese stem daarteenoor laat hoor. In die akademiese gesprek met ander dissiplines is 'n narratiewe benadering dus ook krities besig met die taalwerklikheid van ander wetenskaplike dissiplines.

'n Narratiewe benadering het 'n beter *praxis* vir die kerk in die oog. Net soos wat narratiewe terapie op soek is na nuwe, beter stories vir die toekoms, is narratiewe navorsing op soek na nuwe moontlikhede. Dit pretendeer nie om finale oplossings daar te stel nie, daarvoor is dit te deeglik bewus van die beperkte, histories-bepaalde aard van taalkonstruksies. Waarna dit wel op soek is, is nuwe, minder beperkende taalkonstruksies en nuwe moontlikhede vir voortgaande gesprek. 'n Narratiewe teologie het 'n emansipatoriese belang, maar dit is beskeie in die aansprake wat dit maak.

#### 7.4 *TEOLOGIESE NADENKE OOR DIE SELF*

In die volgende hoofstuk word daar uitvoerig aandag gegee aan 'n narratiewe, prakties-teologiese formulering van wie die self is. In hierdie besinning kom die vraag na die normatiewe in praktiese teologiese nadenke na vore. Zerfass (1974) beskou die teologiese teorie as die normatiewe komponent wat deur middel van wedersydse beïnvloeding op empiriese ondersoek betrek word. In hierdie besinning is die volgende van belang:

- Wanneer ons kyk na die teologiese perspektiewe op die self, is dit duidelik dat ons ook hierin nie te doen het met 'n vaste gegewe wat ons net so uit die Bybel aflees nie. Ook in die teologie het ons te doen met verskillende interpretasies wat deur die geskiedenis bepaalde verskuiwings ondergaan. Hierdie verskuiwings hang saam met die voortgaande tradisie of, in H-G Gadamer se terme, die *Wirkungsgeschichte* van die teks. Die jongste insigte en interpretasie van die Bybelse tekste is nie finale waarhede nie, maar die insigte wat relevant is vir die tyd waarin dit na vore kom.
- Daar moet dialoog wees tussen al die verskillende perspektiewe. Hierdie studie posisioneer homself op die grens tussen die sosiale wetenskappe en die sistematiese teologie en wil die self-teorieë uit hierdie deelwetenskappe met mekaar in dialoog bring.
- Die teologiese perspektiewe op die self is in hierdie gesprek besonder belangrik. Hierdie studie wil eksplisiet teologies wees. Ek maak daar geen geheim van dat ek 'n *pastoraal* narratiewe beskouing van die terapeutiese self wil gee nie. Dit beteken nie vir my dat die teologiese perspektiewe in alles die laaste sê het nie. Dit moet 'n egte gesprek wees waarin die verskillende beskouings oor die self duidelik gehoor word en goeie aandag kry. Ek glo ook nie dat insigte vanuit die sosiale wetenskappe sonder meer in spanning staan met insigte uit die teologie nie.
- Ek stem verder saam met Browning dat prakties-teologiese besinning 'n duidelike komponent van praktiese morele nadenke behoort te hê. Dit is 'n belangrike insig van die narratiewe benadering dat die ondersoeker nie 'n objektiewe buitestander tot sy onderwerp is nie, en ek glo dat dit wetenskaplik verantwoord is om die waardes waarmee ons werk, eksplisiet te ondersoek en openbaar te maak.
- Die narratiewe benadering het 'n uitgesproke kritiese funksie in die sin dat daar 'n gesonde agterdog is teenoor die meta-narratiewe wat aan die werk is in 'n bepaalde taalwerklikheid (White, 1995:79). Dit wil die meta-narratiewe dekonstrueer in

soverre as wat dit 'n onderdrukkende en vervreemdende funksie uitoefen. Ons moet dit baie duidelik raaksien dat alle kritiese besinning vanuit 'n normatiewe basis plaasvind. Om egter ons normatiewe basis nie te ondersoek nie, is terapeuties en wetenskaplik onverantwoordbaar. Die navorser en ook die terapeut is dit aan sy gespreksgenote verskuldig om sy eie waardes te ondersoek en openbaar te maak. Ek glo dat dit juis van die belangrikste kenmerke van 'n nie-ekspert posisie is dat die verhouding so transparant as moontlik moet wees. Die terapeut of navorser se kaarte lê oop voor die gespreksgenoot.

## 8. HOE GAAN EK HIERDIE NAVORSING AANPAK?

Narratiewe navorsing begin by verhale. In die verhale is dit besig met spesifieke individue of spesifieke gevalle (Childs, 1998:196). In die besigwees met verhale kom bepaalde temas na vore wat die temas vir navorsing is. Oor hierdie temas word besin aan die hand van Browning se vyf bewegings. Uiteindelik loop hierdie besinning uit op die ontwikkeling van nuwe verhale en moontlikhede vir nuwe gesprekke. In die praktyk beteken dit dat hierdie navorsing die volgende pad loop:

1. Die breë aanpak van hierdie studie loop deur drie groot prosesse naamlik (i) die identifisering van probleemverhale, (ii) storie-ontdekking wat hierdie verhale verder eksploreer en (iii) die ontwikkeling van nuwe stories waarin daar gesoek word na nuwe moontlikhede.
2. Hierdie studie wil deurgaans luister na verhale uit die praktyk. Daar word gekyk na verhale van pastorale terapeute, van Christen-psigoterapeute en sekulêre psigoterapeute. Sommige verhale het in geskrewe vorm verskyn en sommige verhale het ek self gaan hoor. Hierdie verhale gee verskillende beskrywings van die werklikheid. Uit hierdie verhale word, benewens die navorser se eie probleemverhale, ook ander se probleemverhale gehoor.
3. Uit die verhale word bepaalde temas geïdentifiseer, waaroor daar dan verder gereflekteer word. In hierdie refleksie word geluister na meer verhale. In hierdie deel van die studie word Browning se deskriptiewe, historiese en sistematiese bewegings breedweg gevolg.
4. Die hantering van literatuur dra 'n spesifieke waarde in hierdie navorsing:

- Literatuur word gesien as verhale en konstruksies oor die self, die pastor en die terapeut. Een outeur of verteller kan nie gesien word as die een met die waarheid nie.
  - Bestudering van prominente tekste vind ook plaas omdat hierdie navorsing deel is van die akademiese diskoers. Belangrike tekste het 'n groot invloed in die akademiese diskoers en hulle invloed moet verreken word. Literatuurstudie is deel van die besinning oor die verhale wat in omloop is oor die self in die algemeen en die pastoraal terapeutiese self in besonder.
  - Literatuurstudie speel 'n belangrike rol in die proses van refleksie oor die temas wat na vore kom uit die empiriese ondersoek.
  - Literatuurstudie is ook belangrik om die meta-narratiewe wat vorm gee aan die verhale oor die pastoraal terapeutiese self, na te gaan.
5. Hoofstuk 3 handel uitvoerig oor die self. Ek vind dit nodig om narratiewe beskouings oor die self uit die psigologie en filosofie in gesprek te bring met teologiese. Hierdie deel van die navorsing sluit veral sterk aan by die deskriptiewe en sistematiese bewegings van Browning. Die oogmerk van hierdie stuk navorsing is om te poog 'n teologies verantwoorde mensbeeld te ontwerp wat bruikbaar is vir narratiewe pastorale terapie.
6. Hierdie studie het ook 'n kritiese oogmerk, soos alle narratiewe betrokkenheid. Daarom moet strategieë gevolg word wat nuwe perspektiewe gee op die dominante diskoers. Derhalwe word die volgende riglyne gevolg in die navorsingsgesprekke:
- Die navorser moet moeite doen om die gespreksgenote in hulle eie terme aan te hoor, gespreksgenote moet kans hê om hulle eie verhale te vertel. Die navorser moet veral ook oog daarvoor hê dat sy eie vrae en denkkategorieë daartoe kan lei dat die ander se verhale nie goed gehoor word nie.
  - Die navorser moet moeite doen om verhale te hoor wat nie noodwendig deel is van die dominante diskoers nie.
  - Die navorsingsgesprekke moet laag gestruktureer word sodat gespreksgenote die kans het om hulle verhale te vertel in hulle eie taal en in hulle eie kategorieë. Die hoor van alternatiewe verhale het baie te doen met die wyse waarop die navorsingsgesprek ingeklee word.

- Die navorser moet daarop bedag wees om deursigtig te wees oor sy eie belang by die navorsing en sy eie verhaal wat aanleiding gee tot hierdie navorsing. In die navorsingsgesprekke het ek daarom telkens my eie belange en oogmerke met die gesprek baie duidelik probeer maak.
  - Die gesprekke moet iets vertoon van 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering: die navorser en gespreksgenote soek saam na betekenis.
7. Die navorsing wil uiteindelik ook 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van nuwe verhale. Dit moet uitloop op die praktyk van pastorale terapie en sal hopelik daartoe bydra dat nuwe gesprekke plaasvind oor die pastoraal terapeutiese self.
- Die konstruksie van nuwe verhale poog ook om 'n sosiaal-konstruksionistiese proses te wees waarin navorser en gespreksgenote saamwerk.
  - Die nuwe verhale het ook 'n kritiese funksie op die huidige diskoers oor pastorale terapeute. Dit beoog om alternatiewe aan te dui vir die heersende diskoers oor die pastorale terapeut.

### 8.1 *GESPREGSGENOTE*

Die volgende norme het gegeld by die keuse van gespreksgenote vir die empiriese studie:

- Dit moet mense wees wat op een of ander manier spesialiseer in pastorale terapie. Die studie gaan immers oor die terapeutiese self. Derhalwe is gespreksgenote gekies wat verdere kwalifikasies (M- of D-graad) in pastoraat verwerf het.
- Ek het probeer om 'n diverse groep mense as gespreksgenote te kies. Op hierdie wyse wou ek ruimte gee daarvoor dat 'n verskeidenheid van stemme en alternatiewe verhale na vore kan kom:
  - **Gespreksgenoot 1** is 'n manspersoon wat gepromoveer het in die veld van narratiewe pastorale terapie. Hy is werksaam in 'n groot voorstedelike gemeente en hy spesialiseer in sy gemeente in pastorale terapie. Hy sou beskryf kon word as 'n gevestigde narratiewe pastorale terapeut. Hy werk ook dikwels met mense wat van buite die gemeente na hom verwys word.
  - **Gespreksgenoot 2** is 'n dame wat 'n M-graad in die veld van narratiewe pastorale terapie het. Sy werk in 'n middestadsbediening aan armes waar sy spesialiseer in kinderbediening. Haar terapeutiese werk spruit voort uit die

kinderbediening. Sy is besig om verder te studeer (D-graad) in narratiewe pastorale terapie.

- **Gespreksgenoot 3** is 'n manspersoon wat 'n D-graad in narratiewe pastorale terapie het. Hy werk in 'n groot voorstedelike Metodiste gemeente waar hy die senior predikant is. Hy het 'n algemene bediening as senior leraar en het 'n uitgebreide terapeutiese bediening deur lidmate op die been gebring. Uit die gesprekke met hom het daar betekenisvolle verhale vanuit 'n ander denominasie na vore gekom.
- **Gespreksgenoot 4** is 'n manspersoon wat in pastoraat oor die algemeen gespesialiseer het (D-graad) (dus nie narratiewe pastorale *terapie* nie). Hy werk in 'n gemeente wat deels voorstedelik en deels in die middestad geleë is, en hy spesialiseer nie in pastorale *terapie* nie. Hy het wel goeie kennis van die narratiewe benadering. Hy is ingesluit as 'n pastor wat meer algemene pastorale werk doen.
- **Gespreksgenoot 5** is 'n manspersoon wat 'n M-graad in narratiewe pastorale terapie het en tans besig is met 'n D-graad. Hy werk tans in 'n voorstedelike gemeente maar een van die belangrike redes waarom hy deel is van die groep gespreksgenote, is omdat hy tot onlangs 'n klein plattelandse gemeente bedien het. Hy het 'n algemene gemeentebediening, maar doen baie terapeutiese werk.

Ek het my daarvan weerhou om 'n nog meer diverse groep gespreksgenote te kies (byvoorbeeld kruiskultureel of pastorale terapeute wat met 'n heeltemal ander benadering as die narratiewe werk). Die rede hiervoor is omdat dit die studie meer kompleks maak as wat nodig is. Omdat die gespreksgenote almal onderlê is in narratiewe terapie, het dit 'n bepaalde gerigtheid aan die gesprekke gegee en ons het 'n bepaalde gedeelte werklikheid gehad wat aan die gesprekke diepte gegee het.

## 9. ENKELE BEGRIPPE WAT GEBRUIK WORD IN HIERDIE

### STUDIE

**Kliënt/pasiënt:** Wanneer verwys word na terapeutiese benaderings wat nie op narratiewe wyse werk nie, word hulle siening van die terapeut - gespreksgenoot verhouding gerespekteer deur van kliënte of pasiënte te praat.

**Gespreksgenoot:** In die narratiewe benadering is die verhouding tussen die terapeut en gespreksgenoot baie meer gelyk, en praat ek nie van kliënte of pasiënte nie, maar van gespreksgenote. Ek gebruik hierdie benaming ongeag of die narratiewe teoretikus dit gebruik. In hierdie studie gebruik ek verder ook hierdie benaming as 'n algemene term wanneer ek verwys na die persoon met wie die pastorale terapeut in gesprek tree.

**Terapeutiese self:** Word dikwels as 'n tegniese term gebruik wat verwys na die persoon van die terapeut en die benutting van die self in terapie met terapeutiese oogmerke. Die gebruik van die self word gestel teenoor die gebruik van (aangeleerde) terapeutiese tegnieke, wanneer die terapeut sy eie belewenisse en persoonlikheid op die spel bring in terapie. Die term "*gebruik van die self*" of "*use of self*" word dikwels in die literatuur gebruik om aan te dui dat die terapeut eie verhale of ervarings in die terapeutiese gesprek gebruik. Watkins (1978:43) beskryf die terapeutiese self as "*... the personal ingredient that characterizes the effective therapist ...*" Dit gaan dus nie alleen oor die gebruik van die self nie, maar ook daaroor of die persoon van die terapeut 'n terapeutiese uitwerking op kliënte of gespreksgenote het. In narratiewe terapie word dit geformuleer in terme van die invloed van die terapeut se eie verhaal op die terapeutiese verhouding en die proses van terapie.

**Pastorale sorg:** die omvattende sorg deur 'n pastor aan sy gemeente. Dit sluit dinge in soos huisbesoek, geestelike begeleiding, en algemene betrokkenheid by mense se nood.

**Pastorale terapie:** word gestel teenoor pastoraat as 'n meer gespesialiseerde vorm van betrokke wees by mense in nood, en dan spesifiek met die oog op terapie of heelwording. J C Wynn (1982:21) dui aan dat terapie 'n meer inklusiewe betekenis het as beraad, en hy beskou die term "terapie" ook as 'n meer gepaste teologiese term.

Die bywoord "pastoraal" by "terapie" dui aan dat ons nie alleen te doen het met terapie deur 'n pastor nie, maar ook dat daar 'n bepaalde gerigtheid in die hulpverlening is. "Pastoraal" beteken dat God se verhaal met mense op implisiete en eksplisiete wyse in die terapeutiese proses fungeer (Müller, 1994:1; 1996).